# 'n Reis deur Romeine

## sonde ⇨ verlossing ⇨ dankbaarheid



**PAULUS SKRYF AAN DIE ROMEINE OOR DIE GROOT WERKE VAN GOD IN DIE MENS SE LEWE. LEER MEER UIT HIERDIE 20 BYBELSTUDIES.**

**Deur die Deputate Jeugsorg van die GKSA**

"In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek ENKEL EN ALLEEN OMDAT HULLE GLO,

**DIT IS SOOS DAAR GESKRYWE STAAN:**

"Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.""

**ROMEINE 1:17**

**Uitgegee deur die Deputate Jeugsorg van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika**
**EERSTE UITGAWE: Junie 2025**
**SKRYWERS: Jacques Tredoux en Brahm Robinson**
**UITLEG EN REDIGERING: Wilna Myburgh**
**Gedruk deur Sunnyprint, Centurion**

**Besoek www.gkjeug.co.za vir nog Bybelstudieboeke – in Afrikaans én Engels – wat jy kan aflaai en uitdruk, of elektronies lees. Gaan kyk ook daar na al die aktiwiteite van die Deputate Jeugsorg van die GKSA.**

# VOORWOORD

sonde ⇩ verlossing ⇩ dankbaarheid

Hallo jong gelowige

Romeine is seker een van die belangrikste boeke in die geskiedenis van die Christelike geloof. Een van die redes waarom dit so ’n belangrike boek is, is omdat dit die naaste aan ’n “sistematiese teologie” is wat ons in die Bybel kry. Dit beteken dat daar nie verskeie teologiese waarhede deurmekaar genoem word nie, maar dat een tema op ’n slag deeglik bespreek word. Die evangelie van Jesus Christus se verlossing word deeglik uiteengesit.

Paulus noem die evangelie in Romeine die “evangelie van God”, want God is die Outeur van die mens se verlossing. Paulus plaas in die brief uiteen hoedat die hele wêreld voor God strafwaardig is. Almal het gesondig. Maar God is ryk in barmhartigheid – Hy gee sy genade vir meer as net die Jode. Paulus bespreek verder die moeilike saak van die uitverkiesing en die plek van Israel in God se plan. In die laaste hoofstukke wys Paulus wat God se wil is en dat dankbaarheid die geskikte reaksie op die evangelie moet wees.

Romeine kan dus in hierdie drie afdelings uiteengesit word: sonde, verlossing,  en dankbaarheid. Die Heidelbergse Kategismus, ‘n baie bekende en belangrike belydenisskrif van die Gereformeerde Kerk, kry juis sy indeling vanuit die Romeine-brief. In vraag en antwoord 2 van die Heidelbergse Kategismus, word daar gesê dat ons drie dinge moet weet om getroos te lewe en sterwe:

1. Hoe groot my sonde en ellende is.
2. Hoe ek van my sonde en ellende verlos kan word.
3. Hoe ek God vir so ‘n verlossing dankbaar moet wees.

Romeine was deur die eeue ‘n bron van groot troos en hoop vir baie gelowiges. Ons weet dat jy God se werk en sy groot genade beter sal ken nadat jy deur hierdie Bybelstudies gewerk het.

Redakteur
Wilna Myburgh

# INHOUDSOPGAWE

3 VOORWOORD

## Sonde

⇨ **ROMEINE 1:1 TOT 3:20**

6 **BYBELSTUDIE 1:** Paulus se ywer om die evangelie te verkondig

9 **BYBELSTUDIE 2:** Die sonde en die straf

12 **BYBELSTUDIE 3:** Wie bepaal reg en verkeerd?

14 **BYBELSTUDIE 4:** Moenie hoogmoedig wees oor jou godsdiens nie

17 **BYBELSTUDIE 5:** Die hele mensdom is strafbaar

## Verlossing

⇨ **ROMEINE 3:21 TOT 11:36**

20 **BYBELSTUDIE 6:** God se regverdigheid

24 **BYBELSTUDIE 7:** Die heerlikheid van God

27 **BYBELSTUDIE 8:** 'n Vergelyking tussen Adam en Christus

30 **BYBELSTUDIE 9:** Lewend vir God

33 **BYBELSTUDIE 10:** Die Christen se stryd as gevolg van die wet

37 **BYBELSTUDIE 11:** Die Christen lewe in die Gees

41 **BYBELSTUDIE 12:** Die heerlikheid waarop ons hoop

45 **BYBELSTUDIE 13:** God se uitverkiesing

49 **BYBELSTUDIE 14:** Israel se ongeloof

52 **BYBELSTUDIE 15:** Israel se toekoms

## Dankbaarheid

⇨ **ROMEINE 12:1 TOT 16:27**

56 **BYBELSTUDIE 16:** Christenskap in aksie (Deel 1)

60 **BYBELSTUDIE 17:** Christenskap in aksie (Deel 2)

63 **BYBELSTUDIE 18:** Christenskap in aksie (Deel 3)

66 **BYBELSTUDIE 19:** Afsluiting (Deel 1)

69 **BYBELSTUDIE 20:** Afsluiting (Deel 2)



'n Teiken wys dat daar spesifieke inligting volg wat jy moet raaksien in die gedeelte waaroor die Bybelstudie gaan.



'n Gloeilamp wys dat daar 'n verklaring volg met interessante inligting om 'n woord of begrip beter te verstaan.

**Sonde** ⇨ **VERLOSSING** ⇨ **DANKBAARHEID**

⇨ Romeine 1:1-3:20

⇨ Bybelstudies 1 tot 5




# 1

“Daar is nie een
wat regverdig is nie,
selfs nie een nie.”

**ROMEINE 3:10**

1 **LEES ROMEINE 1:1-17**



# Paulus se ywer

## OM DIE EVANGELIE TE VERKONDIG

Paulus begin die brief op 'n baie persoonlike wyse deur meer as twintig keer in die openingsverse persoonlike en besitlike voornaamwoorde te gebruik. Dit is woorde soos "ek", "my" en "myne". Hy wil van die begin van die brief af 'n persoonlike verhouding met sy lesers bevestig.

Die inleiding tot die brief bestaan uit drie dele:

→ **ROMEINE 1:1-6:** Paulus en die evangelie
→ **ROMEINE 1:7-13:** Paulus en die Romeine
→ **ROMEINE 1:14-17:** Paulus en evangelisasie

SIEN RAAK

→ Paulus doen moeite om vir die Romeine te wys dat hy hulle graag wou besoek maar nie kon nie (verse 10, 11 en 13).
→ Die evangelie van Jesus Christus staan van die begin af sentraal in hierdie brief (verse 1 tot 4, 9, 15, en 16 tot 17).

**HEILIGES:** In Romeine 1:7 noem Paulus die gelowiges in Rome "heiliges". In die Nuwe Testament verwys "heilige" na iemand wat deur Jesus se bloed skoongewas is; 'n gelowige wat aan God behoort; iemand wat geroep is, afgesonder is en eenkant gesit is. As jy in Jesus Christus glo, is jy dus nie meer 'n sondaar nie, maar 'n heilige. Wat 'n voorreg! Nou word ons geroep om vanuit hierdie nuwe identiteit te leef.

1. Wat is die implikasie daarvan dat Paulus homself in vers 1 'n slaaf van Jesus noem, en wat beteken dit vandag vir ons? Sien ook Psalm 116:16.

2. Hoe is Paulus as apostel aangestel? Lees Galasiërs 1:1; 2:6-10 en Handelinge 9:1-6.

3. Lees Romeine 1:2. Hoe en waar is die evangelie in die Ou Testament aangekondig? Lees ook Johannes 5:39, en Lukas 24:25 en 44.

4. Lees verse 3-4. Wat leer ons van die twee nature, sowel as die vernedering en verhoging van Christus, uit dié verse? Lees ook 2 Samuel 7:12 en 16; en Psalm 2:7.

5. Vergelyk verse 5-7 met vers 15. Wat is die twee doele van evangelisasie? Hoekom is dit vandag vir ons belangrik?

6. In hoe 'n mate is die stelling oor die gemeente in Rome in vers 8 vir jóú gemeente waar?

7. Wat leer ons in verse 11 en 12 van hoe gelowiges (die kerk) behoort te funksioneer?

8. In vers 14 word gepraat van "Grieke en nie-Grieke", ontwikkeldes en ongeleerdes" sowel as Jode en heidennasies. Wat verstaan jy onder hierdie groepe mense en hoe kan ons dit op vandag toepas?

9. Vergelyk verse 13-16 met 1 Korintiërs 4:1. Wat leer dit vir ons oor verantwoordelikheid omdat ons die evangelie het? Vergelyk ook met Galasiërs 2:7; 1 Tessalonisense 2:4; 1 Timoteus 1:11 en Titus 1:3.

10. Bespreek die betekenis van die volgende begrippe in verse 16 en 17:
   a. Nie skaam vir die evangelie nie. (Vergelyk 2 Timoteus 1:8; 1 Petrus 4:16).
   b. Die krag van God. (Vergelyk 1 Korintiërs 1:18-25; Efesiërs 1:18-21 en 1 Tessalonisense 1:5).
   c. Vryspraak deur geloof. (Sien Habakuk 2:4; Vergelyk Johannes 3:16 & 36; Efesiërs 2:8-10; Galasiërs 2:16 en Filippense 3:9).

**GEREGTIGHEID:** Die woord geregtigheid is 'n regsterm. Die vraag oor geregtigheid gaan oor hoe iemand voor 'n regter in 'n hof regverdig kan word. Hoe iemand dus vrygespreek kan word. Die 1983-vertaling gebruik in Romeine 1:17 die woord "vryspreek", terwyl beide die 1933- en 2020-vertalings die woord "geregtigheid" gebruik. Die betekenis bly dieselfde.

## HOE WERK GEREGTIGHEID?

Geregtigheid kan op twee maniere gebeur:

1. Die persoon kan onskuldig wees aan 'n aanklag en dan vrygespreek word en dan geskied daar geregtigheid.
2. 'n Persoon kan wel skuldig wees, veroordeel word en dan sy straf uitdien. Wanneer hierdie straf uitgedien is, kan die regter dan die persoon vryspreek omdat daar reeds vir die onreg betaal is. Dus geskied daar ook geregtigheid.

In Romeine 1:17 sien ons dat die geregtigheid van God aan mense deur die geloof gegee word. Deur die geloof in Jesus Christus ontvang ons God se geregtigheid. Omdat Jesus volmaak aan God se standaarde voldoen, en ons vrygespreek word op grond van dit wat Hy doen en wie Hy is, kan daar nog steeds geregtigheid geskied. Dit gebeur wel nie deur dade nie, maar deur die geloof!

Ons is voor God regverdig, nie op grond van wat ons doen nie, maar op grond van wat Jesus vir ons gedoen het en dat ons dit verniet ontvang.

**2** **LEES ROMEINE 1:18-31**



# Die sonde en die straf

**V**eronderstel 'n dokter het 'n pasiënt wat 'n dodelike siekte het. Die dokter ondersoek die pasiënt en bevind dat dit wel die geval is. Die pasiënt het egter sy eie opinie dat hy net 'n ligte verkoue het, en dat hy nie eintlik dodelik siek is nie. Die mees onverantwoordelike ding wat 'n dokter kan doen, is om sy pasiënt oor te laat aan sy eie verkeerde self-diagnose. Die dokter sal die pasiënt vertel dat hy verkeerd is en dat hy hom onmiddellik sal behandel. Dieselfde is waar met die evangelie. Die sonde is letterlik lewensgevaarlik. Dit moet verkondig word – en saam met dit die kruis; die behandeling.

In die volgende gedeeltes, tot by Romeine 3:20, wys Paulus die skuld aan sonde uit: by die heidene (1:18-32), die moraliste (2:1-16) (sien ook "Sien raak" op bl. 12), die Jode (2:17-3:8) en dan by alle mense (3:9-20).

## SIEN RAAK

- Daar is 'n verband tussen hierdie gedeelte en die vorige gedeelte (veral verse 16-17).
- Paulus verduidelik hier waarom mense verlossing nodig het.
- Die hele gedeelte is só geskryf dat dit die kontras tussen God se heerlikheid en mense se gebrokenheid uitlig.

1. Wat is die verband tussen 1:16-17 en hierdie gedeelte? Wat openbaar die Here van Homself in die volgende verse: 16; 17; 18; 19-20?

2. Lees vers 19. Bespreek nou hoe mense vir God kan leer ken.

3. Dit is duidelik dat hierdie gedeelte op die ongeregtigheid van mense fokus. Waar kom hierdie ongeregtigheid vandaan en wie behoort die skuld daarvoor te kry?

4. Stel 'n kort definisie van 'n "afgod" saam. Bespreek hoe dit in jou lewe lyk.

5. Bespreek die gedagte dat God mense aan sekere gedrag ("oorgee" verse 24 en 26).

6. Wat dink jy is die implikasies van vers 32 vir ons as gelowiges? Tot watter mate en hoe moet ons dinge wat verkeerd is aanspreek?

**TOORN:** Romeine 1:18 vertel hoe God sy toorn openbaar. God se toorn kan beskryf word as sy heilige woede oor die sonde en onreg van hierdie wêreld.

## VERSTAAN GOD SE WOEDE

Dit mag dalk vreemd klink dat God kwaad word, maar as ons onthou dat Hy volmaak is, maak dit sin. Aangesien God heilig, volmaak, en in alles goed en regverdig is, kan Hy nie sonde en onreg voor Hom verdra nie. God se woede is dus geregverdig, aangesien dit wat Hom kwaad maak teen sy wese ingaan en nie volmaak is nie. Na regte moes God na die sondeval die hele wêreld deur sy toorn verdelg het.

7. Regdeur die Bybel sien ons dat daar 'n stryd tussen die "waarheid" en die "leuen" is (vers 25a). Bespreek hierdie stryd aan die hand van die volgende teksgedeeltes: Genesis 3:1-4; Johannes 8:44-47; 14:6-7; en 18:37-38.

## DIE SPIRAAL VAN SONDE

Paulus wys in verse 18 tot 20 'n patroon van sonde uit wat herhaal in verse 21 tot 24, 25 tot 27, en 28 tot 31.

→ Hulle het kennis oor die waarheid van God (verse 21, 25 en 28).
→ Hulle verruil die waarheid vir die leuen (verse 21, 25 en 28).
→ God reageer daarop met oordeel (verse 24, 26 en 28).

**HOMOSEKSUALITEIT IN DIE BYBEL:** Romeine 1:26-27 is die langste deel in die Bybel wat spesifiek oor homoseksualiteit gaan. Dit is ook een van die mees kontroversiële gedeeltes in vandag se tyd met die LGBTQ+-beweging wat ons wêreldwyd sien. Hierdie debat is natuurlik baie lewendig in ander denominasies, met baie kerkgemeenskappe wat sê dat die Bybel ruimte vir homoseksuele huwelike laat.

8. Bespreek aan die hand van die volgende punte hoe julle dink ons as gelowiges, wat 'n hoë agting vir die Bybel het, oor homoseksualiteit behoort te dink:
   a. Natuurlike vs. onnatuurlike seksuele omgang (Romeine 1:26).
   b. Homoseksuele oriëntasie vs. homoseksuele gedrag.
   c. Is liefdevolle selfde-geslagverhoudings dan nou verkeerd? Is dit nie net selfde-geslaglosbandigheid wat verkeerd is nie?
   d. Wat is die definisie van 'n huwelik volgens die Bybel?

Gebruik hierdie teksgedeeltes vir kruisverwysings: Genesis 1:27; 2:21-25; 19:4-8; Levitikus 18:22-33; 20:13; Markus 10:5-12; 1 Korintiërs 6:9-10; en Titus 1:8-11.

9. Die gedeelte sluit af met 'n lang lys van sondes. Tel hoeveel ander sondes daar genoem word. Vergelyk 1 Korintiërs 6:9-10. Wat sê dit van die fokus wat ons op homoseksualiteit plaas?

10. Vers 32 sluit af met twee waarhede: Sondaars ken God se verordeninge dat hulle die dood verdien, en sondaars vind dit ook goed as ander dit doen. Wat sê dit van die afvalligheid van die mens?

## GOD SE ALGEMENE OPENBARING

Met die algemene openbaring word daar bedoel dat alle mense behoort te weet dat daar Iets of Iemand groter as hulself is. God het dit op twee maniere aan mense geopenbaar:

1. **INTERN:** Genesis 1 leer vir ons dat alle mense na die beeld van God geskape is, en gemaak is om in 'n verhouding met Hom te leef. Daar is dus iets van God in elke mens ingeskape en almal smag daarna. Ons sien dit ook in die Nuwe Testament as Paulus vir die mense in Atene in Handelinge 17:27 sê: "God het hulle (mense) gemaak om Hom te soek ..." Alle mense is dus diep binne hul harte bewus dat daar 'n God is.
2. **EKSTERN:** Behalwe dat mense dit weet, behoort ons dit ook in God se werke te kan sien. Psalm 19:2 leer ons: "Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend." Ons het dit ook hier in Romeine 1:20 gesien.

God het die wêreld dus so ontwerp en gemaak dat alle mense Hom kan sien en ken. Alle mense weet genoeg om self daarvoor verantwoordelik te wees as hulle teen God kies en Hom nie aanbid nie.

3 LEES ROMEINE 2:1-16

# Wie bepaal reg en verkeerd?

Paulus is hier in ’n dialoog met ’n denkbeeldige karakter. Paulus praat twee keer in die gedeelte met die karakter as “Jy, o mens”. Hy praat dus met enige mens; enige mens wat oordeel oor ander uitspreek.

Paulus vergelyk twee groepe mense met mekaar. In Romeine 1:32 en 2:2 word daar na twee verskillende groepe mense verwys, maar beide het kennis van God as Skepper en Regter. Beide groepe gaan met hulle optrede lynreg teen hulle kennis in. Die eerste groep mense doen dinge wat hulle weet verkeerd is, en keur dit goed as ander dit doen. Die tweede groep doen dinge wat hulle weet verkeerd is, en keur dit af as ander dit doen, wat skynheilig is. Die eerste groep distansieer hulself van God se oordeel, terwyl die tweede groep hulself as regters aanstel.

Paulus spreek die mense aan wat na die eerste hoofstuk geluister het en dink dat hulle nie so sleg is soos wat daar verduidelik word nie. Hierdie gedeelte gaan dan oor God se oordeel oor self-aangestelde regters.

## SIEN RAAK

- Paulus spreek die moraliste aan; mense wat dink dat hulle deur ’n morele goeie lewe gered sal word.
- In elke mens se hart is daar ’n ingeskape besef van wat reg en verkeerd is.
- Paulus verwag moontlike besware teen sy argument en antwoord dit dan solank. Die skryfstyl staan as diatribe bekend.

1. Paulus spreek hier mense aan wat dink hulle lei ’n “goeie morele lewe”. Hoe konfronteer verse 1-3 hierdie mense en hoe is dit op jou van toepassing?

2. Hoe vergelyk Romeine 2:6-8 met Romeine 1:17?

3 Hoe word God vir ons in vers 4 beskryf? Wat beteken dit vir bekering in jou lewe?

4 Hoe gaar mense vir hulself straf op vir die oordeelsdag? Lees vers 5.

5 Hoe moet ons vers 6 verstaan dat elkeen volgens sy dade beloon sal word? Vergelyk Jakobus 2:18; Matteus 16:27; 2 Korintiërs 5:10; Openbaring 20:12; 22:12 en Galasiërs 2:19-21.

6 Beskryf die twee groepe mense se weë en bestemmings in verse 7-10.

7 Lees vers 15. Hoe werk alle mense se gewetens om die natuurlike wette in hul harte te gehoorsaam?

8 Hoe kan verse 12 tot 15 ons help om te verstaan hoe ongelowiges soms “beter mense” as gelowiges is?

9 Hoe sal julle op die stelling “Christene moenie oordeel nie” reageer?

10a Watter lig werp vers 16 vir ons op ons verstaan dat ons met dieselfde oordeel waarmee ons ander oordeel geoordeel sal word?
Lees Matteus 7:1-5; Lukas 6:37; en Johannes 8:7.

b Ons mag nie slegte dade aanvaar nie, maar moet mekaar verantwoordbaar hou. Hoe word hierdie met 10a versoen? Sien Matteus 18:15; Lukas 17:3; en 1 Korintiërs 5:12.

## WAT IS DIE NATUURLIKE WET VAN REG EN VERKEERD?

Dit is belangrik om die konsep van natuurlike wette te verstaan om moraliteit (dit wat reg en verkeerd is) te verstaan. Een van die belangrike vrae wat mense nog reg deur die eeue moet beantwoord is: Hoe bepaal mense wat is reg en verkeerd? Sommige mense sê dit is die kultuur of godsdiens (wat vir ’n Hindoe verkeerd is, is nie noodwendig vir ’n Moslem of Christen verkeerd nie), of dat elke individu bepaal wat reg en verkeerd is.

Die probleem met hierdie sienings is dat reg en verkeerd subjektief bepaal word. As dit nie vir my verkeerd is om te steel nie, wie is jy dan om vir my te sê ek mag nie jou goed vat nie.

Daar is ’n objektiewe reg en verkeerd wat vir alle mense geld ongeag van jou kultuur, godsdiens of persoonlike oortuiging. Daar is ’n morele wet in elke mens se hart ingeskape, wat vir jou ’n besef gee van wat jy mag en nie mag doen nie. Hierdie wet noem ons die natuurlike wet.

4 **LEES ROMEINE 2:17-3:8**



# Moenie hoogmoedig wees oor jou godsdiens nie

Paulus gaan hier verder met sy argument. In die vorige gedeelte (2:1-16) lewer hy sy wye kritiek van die mensdom in die algemeen. Nou fokus hy spesifiek op die Jode en hul ongegronde selfversekerdheid. In die eerste deel van hoofstuk 2 het Paulus die hoorder aangespreek as "... vir jou, mens ..." (2:1 en 3). Vanaf vers 17 spreek Paulus die Jode direk aan.
Paulus verwag dus teenargumente vanaf die Jode oor wat hy geskryf het.

Die Jode mag dalk redeneer dat hulle anders of beter as ander mense is, want die Here het die verbond met hulle gesluit, en aan hulle die besnydenis en die wet gegee. In antwoord op hierdie vrae, skryf Paulus oor die wet in verse 17-24 en oor besnydenis in verse 25-29. Hy wys baie duidelik dat geen van daardie voorregte wat die Jode gehad het, hulle van God se oordeel red nie.

## SIEN RAAK

- → Die hart van wat hier aangespreek word is "godsdienstige hoogmoed". Dit is om te dink dat jy meer aanvaarbaar voor God is op grond van jou godsdienstige aktiwiteite en rituele.
- → Paulus maak in die eerste deel van Romeine dieselfde punt, maar telkens met 'n ander klem.
- → Die wet en besnydenis is nie totaal waardeloos nie, maar dit moet binne die regte perspektief gesien word.
- → Paulus stel sy argument saam deur van vrae en moontlike besware gebruik te maak. Dit is 'n bekende retoriek, bekend as 'n diatribe, wat vandag nog baie gebruik word. 'n Diatribe verwys na 'n gesprek met 'n denkbeeldige opponent.
- → Hier word baie Ou Testamentiese gedeeltes aangehaal. Dit is dus duidelik dat Paulus hier die Jode aanspreek. Hulle dra kennis van die Ou Testament. Die "ons" in Romeine 3:9 verwys na die Jode.

1a Lees weer verse 17-20. Wat is die agt dinge wat Paulus uitwys waarop die Jode geroem het?

b Dink julle soortgelyke dinge is teenwoordig in ons Christelike kerke?

2 Watter vyf vrae stel Paulus in verse 21-23? Hoe wys die vrae die Jode op hul sonde?

3 Lees weer vers 24 saam met Jesaja 52:5 en Esegiël 36:22. Hoe daag vers 24 ons in vandag se tyd uit? Dink aan 'n paar konkrete voorbeelde.

4 Hoe beredeneer Paulus met mense wat vir hulself valse vrede skep? Watter rol speel gehoorsaamheid in ons verhouding met God? Lees verse 25-26.

5 Bespreek vers 27. Wat is die implikasies daarvan vir hoe ons as gelowiges met mense buite die kerk omgaan?

6 Dink julle daar is iets soos uiterlike en innerlike Christenskap? Is die een reg en die een verkeerd? Hoe sou julle die balans tussen die twee beskryf?

### DIE JODE, DIE SONDE EN GOD SE OORDEEL

Romeine 2:17-24 gee die idee dat die Jode geensins "beter" is as die heidene nie omdat hulle ook sonde het. In Romeine 3:1-9 word daar vier moontlike besware teen Paulus se argument gegee:

a. Die voordele om deel van God se volk te wees het geen waarde nie (vers 2).
b. Omdat God se mense ontrou is, beteken dit dat Hy ook ontrou is (vers 3).
c. As mense se sonde/onreg God se goedheid/regverdigheid bewys, dan is God onregverdig as Hy mense se sonde straf. Sonde is dan mos goed vir God en nie sleg nie (verse 5-8).
d. As God goeie dinge uit slegte dinge laat voortbring, kan ons maar slegte dinge doen, want dan is ook dit mos vir God goed (vers 8b).

7. Die besware waarvan ons hier lees, word vandag nog teen Christenskap gemaak. Hoe sal julle elk van hierdie besware antwoord na aanleiding van Paulus se antwoord? (Let weer op Paulus se laaste antwoord aan die einde van vers 8.)

### WAT IS 'N VALSE GELOOF?

As ons in hierdie verse "Jood" vervang met "Christen" en "besnydenis" met "doop" of "lidmaat van kerk", dan sien ons dat jy nie net op grond van jou lidmaatskap gered kan word nie. Mens kry iets soos "valse" of "skyn" geloof. Lees Matteus 7:21; 15:7-9; 23:27 en Lukas 6:46.

**HIERDIE GEDEELTE GEE VIER KENMERKE VAN "VALSE GELOOF":**

- Morele hoogmoed (vers 17).
- Om die Bybel net teoreties te bestudeer, sonder dat dit jou verander (vers 21).
- Skynheiligheid (vers 22).
- 'n Gebrek aan 'n innerlike geestelike lewe, waar gebed en eer aan God teenwoordig is (vers 29).

5 LEES ROMEINE 3:9-20

# Die HELE MENSDOM is STRAFBAAR

Paulus nader die einde van sy argument. Hy het eerstens die strafwaardigheid van die heidene in 1:18-32 aangedui, daarna die skynheiligheid van mense wat dink dat hulle beter as ander is in 2:1-16. Laastens lees ons van die valse selfversekerdheid van die Jode in 2:17-3:8. Nou wys hy in die volgende verse die strafwaardigheid van die hele mensdom.

SIEN RAAK

→ Paulus haal vanaf verse 10 tot 18 sewe teksgedeeltes in die Ou Testament aan.
→ Let op hoe dit die goddeloosheid van sonde uitwys; hoedat totale verdorwenheid elke deel van die menslike bestaan affekteer (ingesluit ons verstand, emosies, seksualiteit, bewussyn en wil); en hoe sonde letterlik elke mens affekteer.

1. Bespreek vers 9. Hoe moet ons dit verstaan en versoen met die feit dat God alle mense goed gemaak het?

2. Kyk na die volgende drie teksgedeeltes en bespreek wat die voordele is wat die Jode gehad het:
   a. Eksodus 19:3-6; Deuteronomium 4:8; Jesaja 11:1-10
   b. Wat kan ons vir vandag leer uit die voordele wat die Jode gehad het, maar nie gebruik/besef het nie?

3. Dink julle dit maak sin dat God se wet elke week in die kerk gelees word? Hoekom of hoekom nie?

4. Lys die liggaamsdele wat in verse 13 tot 17 genoem word waarmee sonde doelbewus gedoen word.

5. Romeine 3:19-20 is nie die enigste plek waar Paulus die kwessie van die wet aanspreek nie. Lees Galasiërs 3:1-14 en bespreek hoe ons as Nuwe-Testamentiese gelowiges oor die wet van God behoort te dink. Hoe vergelyk dit met jou gevolgtrekking by vraag 3?

6. Kyk weer na vers 19. Bespreek dit in diepte en hou die volgende in gedagte:
   a. Wat is die implikasie van hierdie vers vir ons geloof?
   b. Wat is die gesindheid wat dit by ons behoort te wek?
   c. Hoe laat dit jou voel? Byvoorbeeld ongemaklik, kwaad, geïrriteerd, opgewonde, ensovoorts.

7. Verse 19 tot 20 is ’n gevolgtrekking van Romeine 1 tot 3. Hoe moet ons na aanleiding daarvan een van die doele van die wet van God verstaan?

## TOTALE VERDORWENHEID

Een van die kern begrippe in gereformeerde teologie is die totale verdorwenheid van alle mense. Hiermee wil daar nie gesê word dat daar niks goed in mense is nie. Almal van ons weet dat daar diep binne mense ’n besef van reg en verkeerd is, en dat daar iets van die goedheid waarmee God mense geskape het in elke mens na die sondeval oorgebly het. Tog het die sondeval elke aspek van die mens se bestaan geraak en gebreek – liggaam en siel. Die mens en die hele skepping is dus in sy totaliteit verdorwe. Sonde het elke dag ’n negatiewe invloed op ons bestaan.

Verder word daar ook met totale verdorwenheid bedoel dat die mens se vermoë om na God terug te keer verdorwe is. Die sonde het dus gemaak dat geen mens vir God sal soek nie. Ons is totaal verdorwe wanneer dit kom by ons eie redding en verlossing. Ons is nie in staat om onsself uit die gat van die sonde te lig nie. Ons is geestelik dood, en het Iemand nodig om ons weer lewend te maak. Omdat ons totaal verdorwe is, kan ons natuurlik nie enige eer vir ons verlossing vat nie. Alle eer moet dus aan God toekom!

## SONDE ⇨ Verlossing ⇨ DANKBAARHEID

⇨ Romeine 3:21-11:36

⇨ Bybelstudies 6 tot 15



**"GOD HET ONS DAN NOU VRYGESPREEK DEURDAT ONS GLO. DAAROM IS DAAR NOU VREDE TUSSEN ONS EN GOD DEUR ONS HERE JESUS CHRISTUS."**

**ROMEINE 5:1**

# 6 LEES ROMEINE 3:21-4:25



# God se REGVERDIGHEID

Alle mense van elke ras en klas, die Jood en die heidennasies, die godsdienstige én die ongodsdienstige, is almal, sonder uitsondering, sondig en skuldig voor God. Dit is die groot menslike tragedie wat Paulus in Romeine 1:1-3:20 beskryf het.

In hierdie gedeelte is daar ’n omkeer. Paulus lei die gedeelte in met vers 21: “Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree.” God het ingetree in die menslike tragedie.

Teenoor die menslike ongeregtigheid, kom God se openbaring van geregtigheid in Christus deur die kruis. Verder in hierdie gedeelte verdedig Paulus die evangelie teenoor die Jode, en wys dat Abraham self deur geloof geregverdig is.

## SIEN RAAK

- → In hierdie paar verse word die kern van die hele argument van die brief aan die Romeine saamgevat.
- → Die verband tussen die Ou Testament (wet en profete) en die Nuwe Testament word hier duidelik aangetoon.
- → Paulus lê klem op die feit dat die regverdiging/vryspraak verniet is en nie verdien kan word nie.
- → Hierdie hoofstuk gebruik vir Abraham (en vlugtig vir Dawid) as voorbeeld om te illustreer wat reeds in die vorige hoofstukke uiteengesit is.
- → Hierdie hoofstuk wys die twee verskillende elemente van geloof mooi uit – passiewe geloof en aktiewe geloof.

1. Bespreek die verband tussen geloof en die onderhouding van die wet soos dit hier beskryf word in Romeine 3:21-31.

2. Hoe het die Wet en Profete van die geregtigheid van God getuig? Lees vers 21.
   a. Hoe sal julle aan iemand verduidelik wat geloof en genade is? Sien veral vers Romeine 3:24 oor waar verlossing begin.
   b. Bespreek hoe Romeine 4:1-5 ons verstaan van hoe God mense red beïnvloed. Wat is een van die groot "motiverings" vir waarom God dit juis so sou doen in hierdie verse?

3. Kyk na vers 25a. Wat beteken dit dat Jesus se bloed "versoening bewerk"?

4. Wat leer vers 25b-26 ons oor God se regverdigheid? Let veral op na wat dit beteken dat Hy dit in die teenswoordige tyd gewys het.

5. Verse 27-31 gee vir ons twee implikasies van vryspraak deur geloof alleen.
   a. Wat is hierdie implikasies?
   b. Hoe daag hierdie implikasies julle persoonlik uit?
   c. Hoe daag dit Christene en die kerk oor die algemeen uit?

6. Om Christenskap te verstaan, moet ons verstaan wat geloof is. Kyk na die volgende gedeeltes en bespreek die konsep van geloof in diepte:
   a. Genesis 15:6; Lukas 8:11-15; Johannes 1:12; Johannes 3:16; 2 Korintiërs 4:13; Efesiërs 2:8,9; en Hebreërs 11:1-2
   b. Bespreek of julle dink daar is 'n verskil tussen "geloof wat red of vryspreek" en "om iets in die geloof te aanvaar en doen".

### DIE BETEKENIS VAN DIE WOORD GELOOF

Vanuit die Protestante Reformasie onder leiding van Martin Luther en Johannes Calvyn, kom die bekende vyf solas. Een hiervan is *sola fide* – geloof alleen. Hiermee wil die gereformeerde teologie klem lê op die feit dat mens slegs deur die geloof vrygespreek kan word van ons skuld voor God.

"Geloof" het natuurlik baie verskillende nuanses, soos ons in die verskeie teksgedeeltes wat ons al gelees het sien. Aan die een kant is daar 'n aktiewe element van geloof. Waar jy self moet kies en optree. Daar waar jy in vertroue sekere keuses en besluite maak. In hierdie deel van geloof kan daar natuurlik 'n

"groter" of "kleiner" geloof wees. 'n Minder of meer vertrou. Dit is egter nie die deel van geloof waarna hier verwys word nie.

Hier word verwys na die geloof wat 'n persoon aan die verlossingswerk van Jesus Christus koppel en ons laat deel kry aan wat Jesus vir ons gedoen het. Hierdie geloof word vir ons in die Bybel geskets as 'n "gawe" van God; iets wat ons nie self kan kies of doen nie. Daar is hier ook nie sprake van 'n groter of kleiner geloof nie. Jy kan nie bietjie of halfpad deel kry aan Jesus se verlossing nie, jy is óf 'n gelowige óf nie.

7. Vers 26 sê dat Jesus se bloed vir ons 'n versoeningsoffer is. Kyk vlugtig na die volgende gedeeltes en bespreek die gedagte van 'n versoeningsoffer en hoe Jesus dit vervul:
   a. Levitikus 16 (veral vers 31-34).
   b. Hebreërs 5:1-9.

8. In hierdie verse word die één ding genoem wat Christenskap radikaal anders as ander gelowe maak – genade. Bespreek dié definisie van genade, en sê of jy daarmee saamstem of nie: "Bybelse genade is om nie te kry wat jy verdien nie, en om terselfdertyd te kry wat jy nie verdien nie."

9. Bespreek die verskil tussen "Ek glo in God" en "Ek glo God". Kyk ook na Jakobus 2:18-23.

10. Wat is die doel van "uiterlike" godsdienstige dinge soos die besnydenis en gehoorsaamheid aan God se wet volgens Romeine 4?

11. Dit word 'n paar keer herhaal dat Abraham as regverdig gereken word. (Die 1983-vertaling sê bloot vrygespreek.) Bespreek die konsep van "toereken" of "gereken", veral hoe dit in hierdie gedeelte gebruik word.

**GEREKEN:** Die woord "gereken" kom herhaaldelik voor – verse 3, 4, 5, 6, 9 en 11. Dit beteken om iets op iemand se rekening te plaas. In die konteks van werk, word loon vir iemand gereken omdat hulle dit verdien, maar in die konteks van regverdigmaking is dit hulle wat nie daarvoor gewerk het nie, en dit nie verdien nie, wie se geloof vir hulle as geregtigheid gereken word.

12 Lees die verhaal van Abraham se roeping (Genesis 12:1-9, veral vers 1-5) en God se verbond met Abraham (Genesis 15, veral vers 1-6) en bespreek hoe dit ons verstaan van hierdie gedeelte verdiep. Fokus veral op:

- a Wie Abraham voor en na sy roeping was.
- b Wat Abraham gedoen of nie gedoen het nie (byvoorbeeld besnydenis of onderhouding van die wet).
- c Wat God gedoen of nie gedoen het nie.

## DIE GEREGTIGHEID WAT ABRAM ONTVANG

Genesis 15 begin met die woorde dat Abram nie bang moet wees nie, want: "Ek is jou skild en jou groot beloning." Dit is die belofte wat die Here aan Abram maak. Abram wonder hoe dit kan wees, want: "U het vir my nie saad gegee nie". Hierdie is 'n verwysing na Genesis 3 waar die saad van die vrou die kop van die slang sal vermorsel. Die Here wys dan vir Abram die sterre en sê dan: "So sal jou saad wees." Abram het God geglo, en die inhoud daarvan is dat hy die saad sal ontvang, en dít is dan vir hom geregtigheid gereken. Sien ook Galasiërs 3:16.

13 Bespreek wat Romeine 4:23-25 vir jou persoonlik beteken.

## VRYSPRAAK KOM VAN JESUS CHRISTUS

In die eerste Bybelstudie het ons van die woorde vryspraak (1983-vertaling) en geregtigheid (1933- en 2020-vertalings) geleer. Dit is 'n regsterm; die teenoorgestelde van veroordeling. Beide is uitsprake van 'n regter. Om iemand te veroordeel gaan nie net daaroor om iemand te straf nie, maar om hulle skuldig of strafwaardig te verklaar. Vryspraak of regverdigheid is dan ook nie net om iemand van straf te weerhou nie, maar om hulle onskuldig te verklaar en daarom mag hulle nie gestraf word nie.

Hoewel die geloof ons laat deel kry aan die werk van Jesus, is dit wel nie die geloof self wat ons vryspreek nie. Die vryspraak (geregtigheid) wat ons ontvang is van Jesus Christus. Dit beteken dus dat ons vrygespreek word van ons sonde, nie omdat ons geloof so goed is nie, maar omdat Jesus so goed is. Dit wat Hy gedoen het, word aan ons geskenk, dit is 'n gawe van God. Vryspraak deur geloof beteken dus dat ons vrygespreek word van al ons skuld voor God deur dit wat Jesus Christus vir ons gedoen het.

7 LEES ROMEINE 5:1-11

# Die heerlikheid van God

Dit is baie opmerklik hoe Paulus in Romeine verskillende voornaamwoorde gebruik. In hoofstuk 3 gebruik Paulus die woord "hulle" as 'n verwysing na die wêreld wat skuldig voor God is. Aan die begin van hoofstuk 4 gebruik hy die woorde "almal wat glo", as 'n verwysing na die nageslag van Abraham. Later in hoofstuk 4 (vanaf vers 16) begin Paulus om te praat van Abraham as die vader van "ons wat glo". In die res van hoofstuk vier word 'ons' gebruik.

Romeine 5 begin met 'n reeks "ons weet"-bevestigings. Dit wys dus vir ons dat Paulus homself met ware gelowiges identifiseer, ongeag of hulle van Joodse of heidense afkoms is.

Nadat Paulus die noodsaak vir regverdigmaking in Romeine 1:18-3:20 beskryf het, en die Weg tot regverdigmaking in Romeine 3:21-4:25, gaan hy nou voort om die vrugte van regverdigmaking in Romeine 5:1-11 te beskryf.

SIEN RAAK

- Jesus kyk op 'n unieke en verstommende manier na sy vyande, en ons was deel van daardie vyande van God.
- 'n Belangrike woord wat herhaal word is verheug in die 1983-vertaling, en roem in die 1933-vertaling.

1. Kyk na die twee werkwoorde wat Paulus in vers 2 oor vrede gebruik:
    a. Wat beteken dit dat daar nou “vrede” tussen ons en God is?
    b. Wat sal die teenoorgestelde van vrede wees en hoe speel dit in jou verhouding met God uit?

2. Dit is duidelik dat daar ’n gevoel van blydskap en vreugde by gelowiges behoort te wees as ons besef wat ons verlossing in Jesus beteken. Is dit jou ervaring? Hoekom, of hoekom nie?

3. Vers 3 praat van verdrukking. Dit verwys spesifiek na die teenstand en vervolging wat gelowiges in hierdie wêreld sal beleef. Hoe wys verse 2 tot 5 daarop dat Christene dieselfde pad as Christus stap? Hoekom verheug ons in verdrukking?

4. Op watter twee wyses word God se liefde vir ons in hierdie gedeelte gestel? Lees verse 5b en 8.

5. Hoe word die “ons” vir wie Christus gesterf het in die volgende verse beskryf: Verse 6, 8 en 10.

6. Ons leef in ’n wêreld waar almal dink dat hulle slagoffers is, of dat hulle situasie deur ander mense veroorsaak word. Wat dink julle is die implikasies van verse 6 tot 8 vir my en jou as gelowiges wat in só ’n wêreld leef?

7. Hoe word die Persoon en die werk van elke Persoon van die Drie-eenheid in hierdie gedeelte uitgelig?

8. Hoekom is die hele saak rondom “toegang tot God” so ’n belangrike konsep? Hoe moet ons as Christene hierdie konsep verstaan? Beantwoord die vraag na aanleiding van die volgende verse:
    a. Matteus 27:51.
    b. Romeine 5:1-2.
    c. Hebreërs 10:1-22.

9. Lees weer Romeine 5:1 en 8. Die Bybel beskryf sonde as opstand of rebellie teen God. Hoe gee die idee van sonde as opstand teen God vir ons ’n dieper verstaan van hierdie verse?
    a. Deuteronomium 9:7 en 9:23-24.
    b. Psalm 2:2-3 en 36:2.

10 Lees verse 9 tot 10. Hoe sê Paulus kan ons seker wees van ons volle en finale verlossing?

11 Vergelyk Romeine 5:11 met Romeine 2:17. Hoe verskil die wyse waarop Christene in God roem met die manier hoe Jode in Hom geroem het?

**HEERLIKHEID:** Die konsep van heerlikheid beteken letterlik "gewigtig" of "swaar"; iets wat gewigtig of swaar is, en baie waarde dra of belangrik is. Wanneer ons byvoorbeeld sê iets is 'n gewigtige saak, bedoel ons dit is 'n belangrike saak. Ons sal ook sê iemand se opinie weeg swaar of dra gewig; bedoelende dat dit baie waarde het. Heerlikheid verwys dus na iets of iemand wat inherent waardevol is. Dit is iets of iemand wat belangrik is en daarom ook opgehef en geëer behoort te word.

In die Bybel verwys die term heerlikheid hoofsaaklik na God. Alle eer en heerlikheid kom God toe, omdat hy die een is wat uiteindelik alle "gewig dra".

## ONS KAN AAN GOD SE HEERLIKHEID DEELHÊ

Dit is opvallend dat heerlikheid in die Nuwe Testament aan Jesus Christus toegeskryf word. In en deur Jesus word God se heerlikheid in hierdie wêreld sigbaar. Maar, dit word nog verder gevat – as gelowiges kan ons "deel hê aan die heerlikheid van God" (Romeine 5:2).

Ons kan deel in die inherente waarde van God! Dink vir 'n oomblik aan wat dit vir ons identiteit as gelowiges beteken ... om deel te hê aan God se heerlikheid, beteken dat ons deel het aan dit wat die meeste gewig dra van alles in die wêreld. Daarom hoef niks anders my identiteit te bepaal nie. Geen hartseer of swaarkry, geen vreugde of prestasie kan swaarder weeg as die heerlikheid van God nie! In Jesus het ons deel aan hierdie heerlikheid, en dit is wie ons is.

8 **LEES ROMEINE 5:12-21**

# ’n VERGELYKING tussen Adam en Christus

Dié gedeelte begin met die woord “daarom”. Dit dui baie daarop dat verse 12 tot 21 nie ’n nuwe argument is nie, maar dat dit ’n gevolg is. Dit is basies die samevatting van Paulus se argument tot op hede.

In verse 9-10 het Paulus duidelik uitgewys dat ons verlossing alleenlik deur Jesus Christus kom. Dit laat onmiddellik die vraag ontstaan: Hoe kan een persoon se offer soveel seën vir ander bring? Die antwoord kom in Paulus se vergelyking tussen Adam en Christus. Die gedeelte kan in drie kort gedeeltes opgedeel word:

→ **ROMEINE 5:12-14:** Adam en Christus word bekend gestel.
→ **ROMEINE 5:15-17:** Adam en Christus word gekontrasteer.
→ **ROMEINE 5:18-21:** Adam en Christus word vergelyk.

## SIEN RAAK

→ Hier word verskillende kontraste uitgelig: dood en lewe; ongehoorsaamheid en gehoorsaamheid; wet en genade; en sonde en geregtigheid.
→ Jesus word as die begin van ’n nuwe mensdom deur sy vervulling van die Ou Testament voorgehou.
→ Mense van wie ons in die Ou Testament lees (Adam en Moses), word gebruik om Jesus se werk te belig.
→ Jesus se werk word groter as Adam se werk uitgebeeld. Christus is magtiger om te verlos as wat Adam was om te vernietig. Sy genade is altyd groter as ons oortredings. Ons vertroue lê dus altyd in die genade van God.
→ Die wet moet ’n rol in ons verstaan van genade speel (vers 20).

1. Tel hoeveel keer Paulus in Romeine 5:15-19 sê dat almal gesondig het. Wat beteken dit dat Paulus dit so sterk uitdruk?

## WIE IS DIE "BAIE MENSE" WAARNA PAULUS VERWYS?

In Romeine 5:19 sê Paulus dat baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het en ook dat baie mense deur die gehoorsaamheid van een Mens vrygespreek word.

Die eerste baie verwys na alle mense. Die tweede "baie mense" verwys na vers 17 – hulle wat die oorvloed van genade en vryspraak verkry. Paulus maak dit ook regdeur Romeine duidelik dat slegs hulle wat geloof het, gered word (Romeine 1:16, 3:21, 4:1 en verder). Laastens ook dat die mense wat in hul sonde (wat ongeloof insluit) volhard, sal verlore gaan.

2. Bespreek wat erfsonde beteken. Lees dan die gedeeltes onder hierdie vraag oor erfsonde, en vergelyk die bespreking daarmee.

**ERFSONDE:** Erfsonde beteken dat alle mense in sonde ontvang en gebore word deur die eerste mens, Adam, wat in sonde geval het en die hele mensdom ná hom in sonde gedompel het.

## WAT GLO ONS OOR ERFSONDE?

Sommiges leer verkeerdelik dat erfsonde eenvoudig beteken dat alle mense sondig is en dus die dood verdien, omdat almal soos Adam gesondig het. Hierdie siening sê dat mense eintlik neutraal gebore word en dan maar uiteindelik teen God kies.

Ander leer realisme, wat 'n komplekse argument is, wat sê dat ons siele op een of ander manier self teenwoordig was by die eerste sonde, en daarom realiseer daardie sonde in ons eie lewe. Ons siele het dus fisies saam Adam en Eva gesondig, en word dan later gebore as reeds korrupte en sondige mense.

Die tradisionele gereformeerde siening van erfsonde stel dat dit Adam is wat gesondig het. Sy sonde het gemaak dat die hele mensdom na hom reeds skuldig voor God gebore word. Ons verstaan die dood wat deur Adam se sonde in die wêreld ingekom het (Romeine 5:12) as fisiese dood sowel as geestelike dood. Hierdie dood is reeds vanaf geboorte teenwoordig.

3. Watter insig gee Romeine 5:13,14 en 20 vir ons oor ons verstaan van die Ou Testamentiese wet?

### DIE WET MAAK DIE OORTREDINGE NOG MEER

Die Jode het gedink dat die wet gekom het om die regverdigheid nog meer te maak. Hulle het gedink dat hulle die wet volmaak kon nakom en daardeur hulself regverdig maak. Paulus wys in Romeine 5 dat presies die teenoorgestelde gebeur het as waarop die Jode roem.

4. Bespreek hoekom ons Adam as 'n "tipe" Jesus-figuur sien:
   - a. Ooreenkomste.
   - b. Verskille.
   - c. Vervulling.

### ADAM AS VERTEENWOORDIGENDE HOOF VAN DIE MENSDOM

Om erfsonde te verduidelik kan ons sê dat ons 'n federale of verteenwoordigende verstaan van erfsonde het. Daar is verskeie voorbeelde waar die Here met die mensdom deur verteenwoordiging gewerk het: Abraham gee 'n tiende aan Melgisedek, en die Hebreërskrywer wys daarop dat Levi deur Abraham ook 'n tiende aan hom gegee het (Hebreërs 7:9-10). Ons lees ook van Akan (Josua 7:11) wat goedere weggesteek het, en dat daar dan genoem word dat Israel ontrou aan die Here was. Laastens, met Christus se dood en opstanding word ons daarop gewys dat ons saam met Hom gesterf en opgestaan het (2 Korintiërs 5:14 en verder).

Adam is as die "federale hoof" of "verteenwoordigende hoof" van die hele mensdom geskape. Hy is volmaak geskape en was dus ons volmaakte verteenwoordiger. Adam is geskape met die potensiaal om vir of teen God te kies, en dit wat hy gekies het was 100% verteenwoordigend van wat elke mens ná hom in sý situasie sou kies. Die feit dat hy teen God gekies het, wys dus dat alle mense teen God sou kies. Daarom kan God ons ook verantwoordelik hou vir wat Adam gedoen het.

Paulus se hele punt met hierdie gedeelte in Romeine 5 is dat nie net ons erfsonde nie, maar ook ons vryspraak van 'n "Federale Hoof", Jesus Christus, afhanklik is. As ons nie verantwoordelik gehou wil word vir dit wat Adam gedoen het nie, kan ons sekerlik ook nie die verlossing en vryspraak wat Jesus vir ons behaal het aanvaar nie! Ons het immers niks daaraan bygedra nie.

5. Hierdie gedeelte koppel dood en sonde aan die wet en vryspraak, en lewe aan genade. Dus, om aan die wet vas te hou bring dood, en om aan genade vas te hou bring lewe.
   - a. Hoekom is dit so?
   - b. Wat beteken dit vir my en jou lewe elke dag?

## 9 LEES ROMEINE 6:1-23

# Lewend VIR GOD

Paulus het tot hier die evangelie op 'n wonderlike wyse verkondig. Hy het dit duidelik gemaak dat gelowiges deur geloof regverdig verklaar word, dat hulle uit genade leef en dat hulle verheerlik sal word. In die vorige hoofstuk is daar aangedui dat die genade van die Here altyd groter as die sonde van die gelowiges is. Gelowiges het dus 'n onwankelbare troos.

Paulus het egter niks oor die Christelike lewe of heiligmaking gesê nie. Dit lyk of hy direk vanaf regverdigmaking na heerlikmaking gespring het.

Paulus het al in Romeine 3:8 aangedui dat mense die wet en evangelie verkeerd kan verstaan deur te dink dat mens meer genade sal ontvang wanneer jy meer sondig. In Romeine 6 beantwoord hy die vraag. Paulus antwoord dat God se verlossing nie net behels dat ons van sonde verlos is nie, maar ook daarvan om te sondig. Genade maak ons nie net regverdig nie, maar bewerk ook heiligmaking in ons.

### SIEN RAAK

- In Romeine 6 gebruik Paulus sy bekende retoriek (diatribe) wat ons nou al deur die Romeine-brief leer ken het: hy verwag sekere vrae en antwoord dit dan.
- Die "teologiese" konsepte (kontraste) wat in die vorige deel na vore gekom het, word hier herhaal en meer prakties toegepas; byvoorbeeld dood teenoor lewe.
- Daar is nog steeds 'n werking tussen God se werk en die mens se verantwoordelikheid. Die klem skuif hier na die mens toe.

### PAULUS SE ARGUMENT OOR DIE SONDE

Ons kan Paulus se mening oor die sonde in Romeine 6:2-14 só uiteensit:

1. Ons is dood vir die sonde (vers 2).
2. Ons het gesterf vir die sonde deurdat die doop ons met Christus in sy dood verenig het (vers 3).
3. Omdat ons deel in sy dood, laat God ons ook deel in sy opstanding (vers 4-5).
4. Ons, sondige mens wat ons was, is gekruisig saam met Christus sodat ons van die slawerny van sonde bevry kan word (vers 6-7).
5. Beide die dood en opstanding van Christus is beslissende gebeure (vers 8-10).
6. Ons moet besef dat ons nou is wat Christus is: dood vir die sonde en lewend vir God (vers 11).
7. Nou moet ons, ons liggame in diens van God stel (vers 12-13) en sonde is nie meer ons baas nie (vers 14).

**1** Wat is Paulus se antwoord in vers 2 na aanleiding van verkeerde afleidings oor hoe ons moet lewe vanuit God se genade?

### ONS IS DOOD VIR DIE SONDE

Net omdat ons dood is vir die sonde, beteken dit nie dat ons dood is vir die invloed of liefde vir sonde nie. Paulus verwys nie hier na die krag van sonde nie, maar na die skuld van sonde. Regverdigmaking beteken ons is dood vir die sonde.

**2** Op watter wyse gebruik Paulus die woord "doop" hier? Verwys dit na die uiterlike sakrament, of die innerlike werking? Vergelyk 1 Korintiërs 12:13.

**3** Lees verse 3-5. Bespreek die drie dinge wat nie net historiese feite oor Christus is nie, maar wat ook ons persoonlike belewenis is.

**4** Soms voel mens soos 'n slagoffer van jou eie sonde: "Voor ek my kon kry het ek dit of dat gedoen, gesê of gedink." Hoe spreek verse 6-11 hierdie slagoffer-mentaliteit aan?

**5a** Lees vers 13. Hoekom stel Paulus die bevel in beide die negatief en positief?

**b** Lees veral vers 13c in die Afrikaanse 2020-vertaling. Hoe versterk dit Paulus se beroep op gelowiges se lewe?

**6** Hoe sal jý vir Paulus op sy vraag in vers 21 antwoord? Is jy skaam oor die sonde in jou lewe?

**7** Daar is 'n fyn balans tussen God se genade en die mens se verantwoordelikheid. Hoe help verse 22-23 ons om hierdie balans te verstaan?

## SLAWE VAN CHRISTUS

Mense noem dikwels dat hulle vryheid nastreef. Tog wys Romeine 6:15-18 vir ons dat alle mense eintlik slawe is: Óf slawe van sonde, óf slawe van God.

Die woord wat in hierdie gedeeltes met "dienaar" (1983-vertaling) vertaal word, is "slaaf" in Grieks. Lees Johannes 12:26; Romeine 1:1; Romeine 16:1; Efesiërs 6:21; en Kolossense 1:7. Dit lyk of die vroeë gelowiges dit as 'n eretitel beskou het om 'n "slaaf van Christus" te wees.

8 Hoe voel jy daaroor om 'n slaaf van God te wees? Hoe leef jy dit uit?

9 Hoe kan ons dit met mekaar versoen dat ons beide slawe van Christus is én Christelike vryheid het?

10 Bespreek wat jy onder Christelike vryheid verstaan in 1 Korintiërs 9:19, 10:29-32; Johannes 8:31-36; Galasiërs 5:1,13; Jakobus 1:23-25, 2:12; en 1 Petrus 2:16.

## MENSE WAT DIE WET VERKEERD ONDERHOU

→ **ANTINOMIANISME: MENSE WAT TEEN DIE WET IS**

Antinomianisme kom van die Griekse woorde *Anti* ("teen") en *Nomos* ("wet"). Dit beteken dus om teen die wet te wees. Dit is die tegniese term vir mense wat die wet van die Here verwerp, en glo dat mens slegs deur genade gered word.

Dit is waarteen die boek Judas waarsku. Daar word gesê dat daar mense is wat die genade van God misbruik as dekmantel om losbandig te lewe (Judas 4). Dit kan ook in 'n sagter vorm voorkom wanneer mense 'n negatiewe houding teenoor die voorlesing van die wet in die kerk inneem.

→ **WETTISISME: MENSE WAT NET IN DIE WET GLO**

Die teenoorgestelde van antinomianisme is wettisisme. Dit verwys na mense wat glo dat jy steeds 'n slaaf van die wet is, en dat jou verlossing en verhouding met God daarvan afhang of jy die wet gehoorsaam. Hulle soek beide hul regverdigmaking en heiligmaking in die wet. Dit is waarteen Galasiërs waarsku.

## SÓ IS MENS 'N WETSGEHOORSAME VRYE MENS

Paulus verduidelik die regte siening in Romeine. Ons moet 'n goeie balans handhaaf. Mens moet besef dat jou regverdigmaking God se werk is, maar dat die wet steeds God se wil vir die mens is. Daarom kom ons die wet na – uit dankbaarheid. Ons verheerlik God deur sy wet na te kom. En, in heiligmaking, groei ons dan. Natuurlik gaan dit oor jou motivering vir hoekom jy die wet nakom. Ons mag nooit die wet nakom om gered te word nie. Nee, ons kom die wet na omdat ons dit wíl doen, omdat ons gered is. Daarom is God se wet nooit vir ons 'n swaar las nie, maar 'n veilige speelveld waarbinne ons waarlik vry kan wees.

**10** **LEES ROMEINE 7:1-25**



# DIE CHRISTEN SE STRYD AS GEVOLG VAN DIE WET

Tot dusver in die boek was al Paulus se verwysings na die wet in 'n negatiewe lig: Die wet openbaar sonde, maar bring nie verlossing nie; die wet bring oordeel, maar nie genade nie. Paulus beklemtoon dit met die punt dat gelowiges nie meer onder die wet is nie, maar onder genade (Romeine 6:14). Dit is die basis waarop Paulus hier wéér die wet bespreek.

Paulus skryf in Romeine 7 oor die plek van die wet in God se verlossingsplan. Die woord 'wet' of verwante woorde kom in elkeen van die eerste veertien verse van die hoofstuk voor. Die vraag wat steeds hier behandel word, is: Wat is die plek van die wet in die Christelike lewenswandel?

→ **VERSE 1-6:** Paulus wys aan die wettisiste dat die wet nie meer 'gesag' oor ons het nie want ons behoort nou aan Christus.
→ **VERSE 7-13:** Paulus verdedig die wet teen ongegronde kritiek van die antinoministe (sien bl. 31) dat die wet sonde en dood veroorsaak.
→ **VERSE 14-25:** Paulus beskryf die innerlike konflik wat gelowiges steeds beleef.

## SIEN RAAK

- → Hoewel die wet al verskeie kere ter sprake gekom het, is hierdie hoofstuk die omvattendste behandeling daarvan.
- → Hierdie is nie net ’n teoretiese/teologiese behandeling van die wet nie. Vanaf vers 7 sien ons hoe Paulus ’n baie persoonlike trant inneem, wat ons harte behoort te raak.
- → Die wet wat goed bedoel is en goed deur God gemaak is, word deur die sonde korrup gemaak.

## VOORNAAMWOORDE EN TYE IN ROMEINE 7

Hier sien ons weer Paulus se spesifieke gebruik van sekere voornaamwoorde.

| | | |
|---|---|---|
| **VERS 1-6** | → 2e en 3e Persoon Meervoud (julle, ons) | → Verlede tyd (het, was) |
| **VERS 7-13** | → 1ste Persoon Enkelvoud (ek) | → Verlede tyd (het, was) |
| **VERS 14-25** | → 1ste Persoon Enkelvoud (ek) | → Teenwoordige tyd (is) |

## DIE WET IN ROMEINE 1 TOT ROMEINE 7

Die tema van die wet het al ’n paar keer in die eerste 7 hoofstukke van Romeine na vore gekom. Hier is ’n paar dinge wat ons van die wet geleer het:

- → Die “wet” is nie noodwendig al die Joodse wette en reëls of die letterlike tien gebooie nie.
- → Daar is ’n wet wat op elke mens se hart geskryf staan, ’n ingeskape reg en verkeerd.
- → Die wet van God, wat in die tien gebooie saamgevat word, stem ooreen met die wet wat op ons harte geskryf staan.
- → Jy het nie nodig om die wet van God te ken om die wet te oortree of te onderhou nie.
- → Om die wet van God te besit (te ken), bring nie vir jou verlossing nie, dit bring eerder veroordeling omdat almal die wet oortree.
- → Tog is die wet nie sleg nie, maar volmaak en goed.
- → Die doel van die wet is om die sonde aan die lig te stel, sodat ons kan weet wat sonde is.
- → Om die wet te probeer onderhou, kan goed of sleg wees, dit hang af van die motivering waarmee jy die wet probeer onderhou.

1. Lees weer verse 1 tot 4a. Hoe verduidelik Paulus ons verhouding met die wet aan die hand van die feit dat ons saam met Christus gesterf en opgestaan het?

2. Hoe weet ek wat my sonde is? Sien ook die Heidelbergse Kategismus Sondag 2.

3. Het die wet self die krag om ons heilig te maak?

4. Wat doen die wet teenoor sonde in die volgende verse?
   a. Vers 5
   b. Vers 7b
   c. Verse 9-11
   d. Vers 13

5. Hoe maak die wet sondige hartstogte in 'n mens wakker? Vergelyk vers 5.

6. Die tiende gebod sê dat ons nie mag begeer nie. Hoe laat verkeerde begeertes jou elkeen van God se gebooie oortree? Lees vers 8.

7. Kyk weer na vers 17. Beteken dit nie dat ons 'n verontskuldiging kan kry vir ons sonde nie?

8. Paulus deel in verse 15 tot 23 'n baie persoonlike worsteling met sonde. Hoe laat jou worsteling met sonde jou voel?

9. Lees verse 24-25. Dit is Paulus se reaksie op sy worsteling met sonde. Wat leer dit vir ons? Sien raak hoe hy teruggryp na wat ons sover in Romeine geleer het!

### DIE ROMEINSE STRAF VIR MOORDENAARS

In Romeine 7:24 sê Paulus: "Wie sal my van hierdie liggaam van die dood verlos?" Dit is 'n verwysing na die Romeinse strafmetode waarin die lyk van die vermoorde aan die moordenaar vasgeketting was. Die moordenaar is dan vrygelaat om te dwaal waar hy kon, maar niemand is toegelaat om hom te help of te troos nie. In die warm Oosterse son sou die dooie liggaam gou begin vergaan en die gevonnisde persoon nie net met die reuk oorweldig nie, maar ook met infeksie van die verrottende vlees. Dit was een van die aakligste van alle vonnisse wat die Romeine ooit uitgedink het. Dis waarmee Paulus ons sondige vlees vergelyk, en net Christus kan ons daarvan verlos.
**VERTAAL EN VERWERK UIT:** Manners & Customs of the Bible (North Brunswick, NJ: Bridge-Logos Publishers, 1998), 537.



**10** In vers 24 sien ons dat Paulus by die gevolgtrekking uitkom dat hy geen krag uit homself het nie. Hy het krag buite homself nodig om gered te word. Met dit in gedagte, kyk na die volgende gedeeltes en bespreek die gesindheid wat in ons harte behoort te wees:

- → Markus 1:40-42
- → Lukas 8:40-48
- → Lukas 18:9-14

## ONS MOTIVERING OM DIE WET TE ONDERHOU

Die wet is goed en reg, maar kan nooit vir ons verlossing bring nie. Dit kom slegs deur genade. Ons motivering om die wet te onderhou gaan nie daaroor om verlossing te kry nie.

Ons onderhou die wet uit dankbaarheid vir ons verlossing deur Jesus Christus. Tog is dit nie waar ons moet begin nie. Die Bybel sowel as ons belydenisskrifte begin op 'n ander plek.

Ons dankbaarheid kom daaruit omdat ons nuwe mense is, wat in en deur Jesus Christus nuut gemaak is. Dit is die hart van Paulus se argument in Romeine 7. Dit is hoekom hy (en elke ware gelowige) die innerlike stryd beleef van "wat ek wil doen (nuwe mens) doen ek nie, maar wat ek nie wil doen nie (ou mens) doen ek."

Vraag 86 van Sondag 32 van die Heidelbergse Kategismus vra: "Waarom moet ons nog goeie werke doen, terwyl ons tog sonder enige verdienste van ons kant alleen uit genade deur Christus uit ons ellende verlos is?"

Lees hier wat ons bely in die antwoord op hierdie vraag: "Omdat Christus ons, nadat Hy ons met sy bloed gekoop het, ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe bewys dat ons God dankbaar is vir sy weldade en Hy deur ons geprys word: Verder, sodat ons vir onsself uit die vrugte van ons geloof sekerheid kan kry en ons deur ons godvresende lewe ons naaste ook vir Christus kan wen."

**11** **LEES ROMEINE 8:1-17**



# DIE CHRISTEN LEWE IN DIE GEES

Romeine 8 is een van die mees bekende en geliefde hoofstukke in die Bybel. Aan die begin daarvan lees ons hoe wonderlik dit is dat die Gees van God in ons woon. En, teen die einde van die hoofstuk kry ons die bekende gedeelte dat niks ons van die liefde van God kan skei nie.

In Romeine 7 het ons oor die wet gelees en hoe die wet nié ’n gelowige kan vryspreek nie. Nou, in Romeine 8 sien ons hoe God ons van die sonde vryspreek, en hoe die krag van die Gees ons daartoe lei. Die Christen se lewe is ’n lewe in die Gees. Tog gaan die hoofgedagte in hierdie hoofstuk nie net oor die heiligmaking van ’n gelowige nie, maar oor sekerheid. Die Gees verseker ons dat ons kinders en erfgename van God is.

In hierdie Bybelstudie oor die eerste verse van Romeine 8 gaan dit oor die bediening van die Gees in die kerk. Dit gaan oor sy bevryding, inwoning, heiliging, leiding en verlossing van die kinders van God.



SIEN RAAK

- In hoofstuk 7 is daar op die "wet" gefokus, terwyl Romeine 8 baie duidelik op die "Gees" fokus.
- Die woord "daarom", waarmee die gedeelte begin, dui op 'n opsomming of 'n tussentydse samevatting. Dit is nie net van hoofstuk 7 nie, maar van sy hele argument tot op hierdie punt.
- Die woord "Gees" kom 17 keer in hierdie gedeelte voor.
- Die woord "vlees" (1933-vertaling) kom 12 keer in hierdie gedeelte van net 17 verse voor. Die 1983-vertaling gebruik die uitdrukking "sondige natuur" in plaas van vlees, en dit kom 11 keer voor, terwyl die 2020-vertaling "sondige aard" gebruik, wat 10 keer voorkom.
- Hier word 'n nuwe gedagte in die brief ingebring deur hierdie gedeelte: Die vryheid wat kom deur 'n lewe deur die Gees.

1. Vergelyk Romeine 8:1 met Romeine 5:1. Hoe pas die twee verse by mekaar?

2. Wat is volgens hierdie gedeelte die kern werk van die Heilige Gees?

3. Hoekom moes die Seun volgens vers 3 mens word? Lees ook Heidelbergse Kategismus Vraag en Antwoord 14 en 16.

4. Hoekom is die wet nie by magte om ons regverdig of heilig te maak nie? Vergelyk vers 3.

5. Lys die vyf dinge wat God volgens verse 3-4 vir ons doen.

6. Watter vyf dinge noem Paulus in verse 5 tot 8 wat die kontras tussen die vlees en die Gees is?

## DIE GROOT STRYD TUSSEN DIE "VLEES" EN "GEES"

**VLEES:** Om die woord "vlees" te definieer is 'n baie moeilike taak. Dit kan verwys na fisiese werklikhede soos iemand se liggaam, of dit kan meer abstrak wees, soos iemand se begeertes. Soms verwys dit sommer net na lewe op aarde, ander kere na sondige optrede. Ons sien dat die 1983-vertaling die woord "vlees" met die frase "sondige natuur" vervang, terwyl die 2020-vertaling "sondige aard" gebruik.

**GEES:** Die teenoorgestelde van "vlees" is "gees". Net soos "vlees" is "gees" ook 'n redelike moeilike begrip om te definieer. Soms verwys dit na 'n sielkundige toestand, soms na 'n nie-fisiese werklikheid, en soms na 'n persoonlike geestelike wese.

**DIE "VLEES" TEENOOR DIE "GEES"**

In die meeste gevalle word "vlees" en "gees" teenoor mekaar gestel. Die bekendste gedeelte wat dit die beste verduidelik is Galasiërs 5:19-26. Daar sien ons hoe die werke van die vlees (sondige natuur) teenoor die werke (vrug) van die Gees gestel word. Ons moet egter versigtig wees om dit nie te verwar met die Griekse dualisme nie.

**DIE SIENING VAN GRIEKSE DUALISME**

In dié dualisme is geleer dat hierdie fisiese wêreld en liggaam waarin ons leef sleg is, en 'n mens na die geestelike wêreld wat goed is moet strewe. In dualisme word die lewe dus in kompartemente gedeel met sekere dinge wat inherent sleg is en ander dinge wat inherent goed is.

**DIE BYBELSE PERSPEKTIEF**

In die Bybelse perspektief is alles eerder goed deur God geskape, die fisiese sowel as die geestelike wêreld. Die sonde het egter gemaak dat alles nou onder die vloek van die sonde val en van nature nie meer goed is nie, maar sleg. Daarom het God sy Seun gestuur: om alles weer met Homself te versoen en weer die goeie na vore te bring. God is dus met 'n proses van herstel besig, en eendag sal alles weer volmaak wees.

Wanneer die Bybel dan van die "vlees" praat in die sin van die stryd tussen goed en kwaad, word daar na die gevalle werklikheid ná die sondeval verwys. Die "gees" verwys dan na daardie plekke waar die herstel van God reeds 'n werklikheid geword het. Anders as in dualisme is die fisiese werklikheid nie inherent sleg nie, en sal dit eendag weer herstel word na die oorspronklike goeie staat waarin God dit geskep het.

7 Hoe dui die aanspreekvorm in vers 9 die werk van die Gees aan?

8 Vergelyk verse 10 en 11 met mekaar, veral met betrekking tot die werk van God, Jesus Christus en die Heilige Gees.

9 Watter positiewe motivering om wel goeie werke te doen gee verse 5-12 (veral vers 6) ons?

10 Wie moet volgens vers 13 'n einde aan sondige praktyke maak? Hoe moet dit gebeur?

11 Watter vier dinge doen die Gees vir ons volgens verse 14-17?

12 Lees weer vers 14 en 15. Gelowiges is nie slawe nie, maar word deur God se werk sy kinders gemaak. God neem ons as sy kinders aan. Is dit jou ervaring van Christenskap? Hoekom of hoekom nie?

13 In vers 16 hoor ons dat die Gees saam met ons gees getuig dat ons kinders van God is. Lees Deuteronomium 19:15. Wat is die waarde van twee getuies?

14 Bespreek die gedagte van "erfgename". Wat beteken dit vir ons?

### KINDERS VAN GOD SÊ VADER

Paulus het slawerny met aanneming as kinders gekontrasteer. Gelowiges word as kinders aangeneem. Gevolglik roep hulle "Abba, Vader" uit. "Abba" is die Aramese woord vir "vader," en is hoofsaaklik binne die familiekring gebruik en onderstreep die intieme aard van die verhouding.

15 Bespreek hoe die volgende gedeeltes bydra tot jou verstaan van die werk van die Heilige Gees: 1 Korintiërs 2:12-15, 6:9-11, 12:13; 2 Korintiërs 1:22, 5:5; Galasiërs 5:16-18;1 Efesiërs 1:13-17; en 1 Johannes 3:24,4:13.

16 Kyk na hierdie gedeeltes en bespreek wat die Bybel met vryheid bedoel: Johannes 8:31-36; 2 Korintiërs 3:17; Galasiërs 5:1-15; en 1 Petrus 2:15-17.

12 LEES ROMEINE 8:18-39



# DIE heerlikheid WAAROP ONS hoop

Lyding en heerlikheid is die temas wat hier voorkom. Eerstens die lyding en heerlikheid van God se skepping (verse 19 tot 22), dan die lyding en heerlikheid van God se kinders (verse 23 tot 27). Dié twee dinge gaan hand aan hand. Dit was so vir Christus en dit sal so wees vir sy volgelinge. Ons sal vir ’n kort tydjie ly en daarna in God se ewige heerlikheid in Christus ingaan. Die lyding en heerlikheid dui ook twee bedelings aan: die hede en die toekoms, die “reeds” en die “nog nie”. Ons kan nie die lyding en die heerlikheid met mekaar vergelyk nie: Hoe pynlik die lyding ook al mag wees, dit is nie naastenby vergelykbaar met die grootheid van die heerlikheid wat kom nie. Dit raak nie net die kinders van God nie, maar ook sy skepping.

## SIEN RAAK

- Die tema van sugting kom hier voor.
- Daar is ook ’n tema van hoop wat saam die sugting deur die hele gedeelte loop.
- Daar is ’n merkwaardige verband tussen die sonde en verval van die skepping, en die verlossing en herstel van die skepping.
- God se beheer oor alle dinge word hier beklemtoon, sonder om die mens se verantwoordelikheid op te hef.
- Paulus se hele argument tot dusver loop uit op onwrikbare troos en hoop in verse 31 tot 39.

1. Vers 20a sê dat die skepping "aan die nietigheid onderworpe" is. Hoe het dit gebeur? Sien Genesis 3:17b-18. Bespreek die implikasies hiervan vir hoe ons met die skepping moet omgaan.

2. Vergelyk vers 19 en 21c met vers 23b. Hoe is die skepping se verwagting dieselfde as ons s'n?

> **REIKHALSENDE:** Die woord is afgelei daarvan om met jou kop opgelig te wag. Dit wys na iemand wat op hulle tone staan en hul nek rek om uit te kyk en te verwag. Dit is die woord wat die 1933-vertaling gebruik om te sê hoe die skepping uitsien na God wat sal bekend maak wie sy kinders is. In die 1983-vertaling lees ons "gespanne verwagting", en in die 2020-vertaling, "vurige verwagting".

3. Wat is Christene se hoop? Hoe verskil dit van die algemene gebruik van die woord in ons samelewing?

4. Hoe sal die skepping bevry word van die verslawing (vers 21a)? Lees ook 2 Petrus 3:7, 10.

5. Vergelyk hoe die Ou Testament, Jesus, Petrus en Johannes oor die nuwe bedeling praat: Psalm 102:26-27; Jesaja 65:17-18; 66:22; Matteus 19:28; Handelinge 3:19-21; en Openbaring 21-22.

6. Watter vyf dinge word in verse 23-25 van gelowiges genoem wat nog in die onvoltooide verlossing leef?

7. a. Hoe is ons, die Heilige Gees, Christus en God die Vader betrokke by ons gebede volgens verse 26-27? Lees ook Romeine 8:34.
   b. Kyk ook na die volgende gedeeltes en bespreek die rol van die Heilige Gees in gebed: Psalm 51:11-13; Johannes 14:25-26; en Judas 1:20.

8. Vers 28 is 'n baie bekende vers wat maklik misbruik word. Bespreek die gevare én troos wat die vers inhou. Hoe behoort ons dit te verstaan?

## DIE HEILSORDE (*ORDO SALUTIS*)

Wanneer ons die hele Bybel en veral die Nuwe Testament lees, dan word dit duidelik dat daar verskillende elemente in 'n mens se verlossing/redding ("heil") is. In 'n poging om hierdie elemente mooi te beskryf, het gereformeerde teoloë God se verlossing van die mens in die "heilsorde" beskryf.

Die klassieke heilsorde bestaan uit die volgende: Uitverkiesing – Roeping – Wedergeboorte – Geloof – Bekering – Regverdigmaking – Heiligmaking – Volharding – Verheerliking.

Romeine 8:28-30 is die naaste aan 'n uitgewerkte "heilsorde" wat ons in die Bybel kry. Behalwe vir geloof, kom al die ander elemente van die pad na verlossing in hierdie paar verse duidelik voor.

Een van die redes waarom die heilsorde vir ons belangrik is, is omdat dit die verhouding wat daar tussen God se werk en die mens se verantwoordelikheid is, so mooi saamvat. Ons het nou al deur die hele Romeine-brief gesien dat dit iets is wat telkens na vore kom en hier word dit dan so goed uiteengesit.

Alles begin en eindig by God. Dit is Hy wat kies, roep, vryspreek (regverdig maak) en verheerlik. Tog word ons vernuwe na die beeld van sy Seun – ons word dus heilig gemaak. Dit gebeur deur 'n lewenslange proses (volharding) van skuldbelydenis en bekering.

So sien ons hoe die lewe hier op aarde 'n komplekse, maar tog ook 'n opwindende reis saam God is. Dit is 'n reis wat ons voluit kan aanpak, want ons het 'n onwrikbare hoop in die getrouheid en goedheid van God dat Hy sal klaarmaak wat Hy begin het.

9. Lees verse 29 tot 30. Wat verkondig dit van God dat Hy dieselfde mense wat Hy verkies het, ook reeds verheerlik het?

10. Lees weer verse 31 tot 36. Watter vyf vrae vra en antwoord Paulus hier. Het jy al hierdie antwoorde as troos in jou lewe ervaar? Hoe gee dit vir jou 'n onwrikbare hoop in onsekere tye waarin ons leef?

11. Wat verkondig die Here oor die liefde in die gevolgtrekking van die hele brief tot dusver in verse 37-39?



**12** Paulus stel in vers 38 dat hy oortuig is van God se liefde. Leef jy ook in daardie oortuiging, of is daar steeds dinge wat maak dat jy in God se liefde twyfel?

**13** Kyk na die volgende teksgedeeltes en dink aan hoe Jesus ons perspektief oor lyding verander: Romeine 8:36; Matteus 10:37-39; Johannes 15:18-19; 2 Korintiërs 1:3-7; Filippense 3:10; 1 Petrus 2:19; 1 Petrus 4:12-19; en 1 Johannes 3:13.

### HOEKOM LAAT GOD PYN EN LYDING IN DIE WÊRELD TOE?

Hierdie is 'n baie komplekse vraag en mens kan nie net een antwoord daarvoor gee nie. Deur die hele Romeine brief sien ons telkens hoe daar klein antwoorde hierop vir ons gegee word, wat saam vir ons 'n goeie antwoord kan vorm.

In Romeine 8 kan ons byvoorbeeld na vers 28 kyk – hoe God alles ten goede laat meewerk. Een vers wat ons egter maklik miskyk is vers 36: "Daar staan immers geskrywe: 'Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.'" Dalk is een van die redes waarom ons sukkel met hierdie vraag, omdat ons nie 'n "teologie van lyding" het nie.

Die vraag wat ons egter ook moet vra is waar die boosheid vandaan kom. Net omdat God 'n God van liefde is beteken dit nie dat daar nie boosheid is nie. Daar waar iemand teen God se goeie wil vir sy skepping ingaan, is dit boosheid.

Dis wat Paulus in Romeine 7 vir ons sê: Dis juis omdat God 'n God van liefde is dat ons weet wat boosheid is, en dit raak kan sien. Dis die argument wat Paulus gebruik as hy praat oor die wet en die sonde. Dit kom daarop neer dat indien daar nie 'n wet was nie, sou ons nie geweet het wat sonde is nie. Maar nou, omdat daar 'n wet is, weet ons wat sonde is (Romeine 7:7-11).

## 13 LEES ROMEINE 9:1-33

# GOD SE UITVERKIESING

Romeine 9 tot 11 gaan oor die unieke posisie van die Jode in God se raadsplan. Paulus het al op verskeie plekke deur die brief hierna verwys (1:16, 2:6, 2:17, 3:1, 3:29, 4:1, 5:20, 6:14, 7:1, en 8:2). Nou brei hy uit op daardie verse. Die hooftema handel oor die Jode se ongeloof, saam met al die vrae wat dit na vore bring. Hoe kon so 'n bevoorregte, begenadigde volk wat net die guns van God ontvang het, nie die Messias herken nie? Die evangelie is dan aan hulle verkondig deur die heilige profete in die Ou Testament! Hoekom het hulle dit nie omhels nie? Hoe kan hulle gebrek aan reaksie op God se Woord versoen word met God se verbond en sy beloftes? Hoe pas die bekering van die heidene en Paulus se unieke bediening aan hulle in God se plan? Wat is God se toekomstige plan met die Jode en die heidene? Elke hoofstuk hanteer 'n verskillende aspek van God se verhouding met Israel.

→ **BYBELSTUDIE 13:** Israel se val en God se doel met die uitverkiesing (9:1-33).
→ **BYBELSTUDIE 14:** Israel se fout en God se ontsteltenis met hulle (10:1-21).
→ **BYBELSTUDIE 15:** Israel se toekoms en God se wysheid en genade (11:1-32).

### SIEN RAAK

→ Romeine 9 tot 11 is waarskynlik van die moeilikste en mees kontroversiële hoofstukke in Romeine en selfs in die hele Bybel.
→ Paulus is nog steeds besig met die groot gedagte dat redding deur genade en nie verdienste kom nie. Die gesprek oor Israel en uitverkiesing moet in hierdie lig gesien word.
→ Verse 1 tot 3 neem 'n baie persoonlike trant aan. Uitverkiesing was nie vir Paulus net 'n "akademiese" of "intellektuele" vraag nie, maar iets wat hom diep in die hart getref het.
→ Baie van die besware of teen-argumente wat hier aangespreek word, is vandag nog presies dieselfde: Is God se Woord nou ongeldig? (vers 6); Is God onregverdig? (vers 14); Hoe kan God dan 'n mens die skuld gee? (vers 19).

1. Hoe assosieer Paulus homself met die Jode? Lees Romeine 9:1-3, 10:1 en 11:1.

2. Kan Paulus werklik van Christus afgesny word? Lees Romeine 8:35 en Eksodus 32:32.

3. Wat kan ons uit verse 1 tot 5 aflei oor die rede waarom God vir Hom ’n spesifieke volk uitgekies het in die tyd van die Ou Testament?

4. Watter agt voorregte het Israel geniet volgens verse 4-5? (Vergelyk Jeremia 31:9, Eksodus 29:42, Eksodus 40:34, 1 Konings 8:10, 2 Samuel 6:2, Eksodus 24:8, 2 Samuel 23:5, en Deuteronomium 4:7)

5. Watter drie besware gee mense teen God se uitverkiesing in verse 6a, 14 en 19?

6. Wat is die kern beginsel wat verse 6 tot 13 uitlig? Vergelyk Johannes 13:18, 15:16, en 17:6.

7. In vers 14 vra Paulus ’n vraag oor God se regverdigheid. Hy antwoord dit in verse 15 tot 18 met die Here se woorde aan Moses (Eksodus 33:19) en die Farao (Eksodus 9:16). Hoekom antwoord Paulus die vraag deur na God se genade te verwys?

## VERHARDING VAN DIE FARAO SE HART

In die 1933-vertaling is daar 20 verwysings na Farao en die verharding van sy hart (Eksodus 4:21; 7:3-4; 7:13; 7:14; 7:22; 8:15; 8:19; 8:32; 9:7; 9:12; 9:34; 9:35; 10:1-2; 10:20; 10:27; 11:10; 13:15; 14:4; 14:8 en 14:17). Altesaam is daar tien plekke waar ‘verharding’ van Farao aan God toegeskryf word (4:21; 7:3-4; 9:12; 10:1-2, 20, 27; 11:10; 14:4, 8, 17). Dit moet net so goed besef word dat Farao sy eie hart in nog tien gedeeltes verhard het (7:13, 14, 22; 8:15, 19, 32; 9:7, 34, 35; 13:15).

Die verharding was dus net soveel Farao se eie daad as wat dit die werk van God was. Nog meer betekenisvol is die feit dat Farao alleen die agent was van die verharding in die eerste teken en in die eerste vyf plae. Eers met die sesde plaag is dit God wat Farao se hart verhard het (9:12), soos wat Hy Moses in Midian gesê het dat Hy sou doen (4:21).

Hoe het God Farao se hart verhard? God het eenvoudig homself geopenbaar. Hy het sy mag, oppergesag, liefde vir sy volk, haat vir sonde, ensovoorts deur die tekens en wonders van die plae geopenbaar. Dit was hierdie openbaring van God wat sy hart verhard het. Die openbaring van God sonder genade, laat ’n sondige hart verhard.

Die ongelowige haat en onderdruk dus die waarheid in ongeregtigheid. Die probleem is nie met die openbaring of die Openbaarder nie, maar met die ontvanger van die openbaring. Dus is die noodsaak van kragtige onweerstaanbare genade duidelik! Sonder God se liefdevolle, barmhartige genade in ons lewens, sal ons ons harte verhard teen God wat homself kragtig openbaar.

8 In verse 19 tot 23 word nog 'n beswaar teen die uitverkiesing bespreek: Hoe kan God 'n mens die skuld gee vir sy sonde, as hy nie teen God se besluit in kan kies nie? Bespreek Paulus se antwoord op hierdie beskuldiging aan die hand van die volgende vrae:

- a Hoe moet ons oor onsself dink volgens vers 20a? Lees ook Job 40:3.
- b Wat is opmerklik van die twee "voorwerpe" wat in vers 22 en 23 genoem word? Lees ook Jesaja 29:16 en 45:9.
- c Wat maak God van Homself bekend volgens verse 22 en 23?
- d Lees Spreuke 16:4. Hierdie verse (ook verse 22 en 23 ) gee ons insig waarom God sekere mense kies en ander nie. Hoe moet ons voel oor hierdie rede wat God gee?
- e Wat sien ons van God se karakter teenoor voorwerpe van toorn in vers 22?
- f Wat beteken dit dat God voorwerpe van ontferming van tevore voorberei het om in sy heerlikheid te deel? Lees ook Efesiërs 1:4.

9 Hoe wys Paulus uit die Ou Testament dat die belofte aan Abraham oor 'n groot nageslag, nie alle Israeliete beteken nie? Lees verse 24-29, Hosea 1:6, 10, 2:22; Jesaja 1:9, 10:22; Matteus 8:11 en verder.

10 Lees ook Jesaja 8:14, 28:16; Psalm 118:22; 1 Korintiërs 1:23; en Galasiërs 2:21, en 5:11. Bespreek dan die gevolgtrekking wat in verse 30 tot 33 gemaak word.

11 Hierdie gedeelte verwys gereeld na God se soewereiniteit (dat God kan doen wat Hy wil). Bespreek dit aan die hand van die volgende gedeeltes: Psalm 29:10, 103:19; Daniël 4:34-37; Matteus 10:29-30; en 1 Timoteus 6:15.

12 Kyk na die volgende gedeeltes en bespreek wat dit beteken dat God regverdig is: Deuteronomium 10:17, 32:4; Psalm 9:5, 51:5-7, 119:137-138; Jeremia 11:20; Romeine 3:4; en 2 Timoteus 4:8.

### UITVERKIESING **(DEEL 1)**

Romeine 9 tot 11 bring ons direk voor die vraag van die uitverkiesing te staan. Lees mens hoofstuk 9, dan besef mens die vraag is nie of die Bybel die uitverkiesing leer nie, maar eerder wat die Bybel van die uitverkiesing leer. Alle mense wat die Bybel eerlik deurlees, moet dus een of ander vorm van 'n uitverkiesingsleer hê.

Om te begin, moet ons tred hou met die hele argument van die Romeinebrief tot dusver. Daar is 'n paar waarhede wat ons reeds by stil gestaan het, wat ons moet aanvaar as ons enigsins wil sin maak van die uitverkiesing:

**1.** Alle mense is sondig en verdien om gestraf te word met die ewige dood. Hierdie straf het alle mense oor hulself gebring deur teen God in opstand te kom.

**2.** God is 'n regverdige God wat alle sonde haat en wat alle onreg wil straf.
**3.** God is ook 'n genadige en barmhartige God, wat in sy goedheid mense uit hulle sonde en ellende wil red.
**4**. Hierdie redding, wat God uit sy genade aan mense skenk, kan op geen manier uit hulself kom deur reg te leef en goeie werke te doen nie, maar kom slegs deur die geloof in Jesus Christus as ons enigste Saligmaker en Verlosser.
**5.** God roep alle mense tot bekering deur die evangelie van Jesus Christus. Diegene wat gelowig op God se roepstem reageer word gered en die wat in hulle ongeloof volhard, gaan verlore.

**HOEKOM REAGEER SOMMIGE MENSE IN GELOOF EN ANDER IN ONGELOOF?**

Dit is hier waar die uitverkiesing inkom ... Die uitverkiesingsleer sê eenvoudig dat die rede waarom sommige mense tot geloof kom en ander nie, is omdat God besluit het om vir sommige mense die geloof te skenk as 'n genadegawe en ander mense te los om in hulle ongeloof te volhard. Die besluit vir geloof lê dus by God en nie by mense nie. Die besluit vir ongeloof lê by mense en nie by God nie. Dit is gewoonlik hier waar daar baie besware na vore kom.

**DIE TWEE BEKENDSTE BESWARE IS SEKER DIE VOLGENDE:**

→ Maak dit nie van mense robotte wat nie vrye wil het nie?

Nee, die uitverkiesing sê nie dat mense nie vir God kán kies nie, dit sê dat mense nooit vir God wíl kies nie. Die sonde maak dat ons wil so verdorwe is dat ons altyd teen God sal kies. Daar is dus niemand wat wil glo maar nie kan glo nie. As iemand wil glo, het God reeds hulle wil verander. Elkeen kry dus uiteindelik wat hulle wil hê.

→ Dit is onregverdig dat God net sekere mense kies en nie almal nie.

Nee, dit is nie onregverdig nie, want die mense wat nie gered word nie, kry wat hulle verdien. Die mense wat wel gered word ontvang slegs genade. As alle mense neutraal/onskuldig voor God was sou dit onregverdig wees om net seker mense te kies, want dan sou almal die hemel verdien het. Omdat niemand dit egter verdien nie, is dit nie onregverdig nie. God kan mos sy genade gee aan wie Hy wil (Romeine 9:15).

**NEEM DIE UITVERKIESING ONS VRYE WIL WEG?**

As ons regtig eerlik is, sal ons moet erken dat die uitverkiesing nie ons vrye wil wegneem nie (dit het die sonde reeds gedoen!) en dit is ook nie onregverdig nie, want dit staan God vry om te maak met sy genade wat Hy wil! Hy is niks aan enige mens verskuldig nie.

**DIE UITDAGING VAN UITVERKIESING**

Die werklike uitdaging is eerder dat dit ongemaklik is om te aanvaar dat God soewerein is en dus kan maak wat Hy wil. Ons menslike, sondige harte wil onsself altyd in die middelpunt plaas en nie vir God nie. Die uitverkiesingsleer dwing ons om alle beheer prys te gee, en dit is moeilik, veral vir ons moderne mense wat dink ons is in beheer van alles.

**LEES DEEL 2 OP BLADSY 51**

## 14 LEES ROMEINE 10:1-21




# ISRAEL SE ONGELOOF

Hoofstukke 9-11 spreek almal die probleem van Israel se ongeloof aan. In hoofstuk 9 was die klem op God se doel volgens die uitverkiesing. Hier in hoofstuk 10 skryf hy dit toe aan die menslike vermoë om die evangelie te hoor, te verstaan en dit te aanvaar en glo. Daar moet ʼn gelowige antwoord op die verkondiging van die evangelie wees. Met hoofstuk 10 gaan Paulus vanaf die verlede na die hede, na sy verduideliking van Israel se eie ongeloof en sy hoop dat hulle tot bekering sal kom.

### SIEN RAAK

- Paulus keer in die middel van sy argument oor uitverkiesing terug na die sentrale argument van die hele boek – dat vryspraak (geregtigheid) deur geloof kom en nie deur werke nie.
- Die balans tussen God se keuse en ʼn mens se verantwoordelikheid word weer hier beklemtoon.
- Die vorige hoofstuk het gefokus op die feit dat God kies. Hierdie hoofstuk fokus op die wyse waarop God sy uitverkorenes tot geloof bring.
- Dit is opvallend hoe baie aanhalings uit die Ou Testament in Romeine 9 tot 11 gebruik word. Dit wys vir ons dat Paulus spesifiek op die Joodse gelowiges fokus.

1. In verse 1 tot 4 spreek Paulus die Jode aan omdat hulle nie God se manier van vryspraak verstaan het nie. Dink jy dit geld net vir die Jode? Hoe doen ons vandag dieselfde?

2. Verse 9 tot 10 is baie bekende verse. Bespreek hoe alles wat ons tot dusver in Romeine geleer het, maar veral die vorige Bybelstudie oor die uitverkiesing, ons verstaan van hierdie verse beïnvloed.

3. Dis 'n kern deel van ons geloof om dit openlik en opreg te bely (verse 9-10). Lees die volgende gedeeltes en bespreek wat dit beteken om jou geloof te bely: 1 Korintiërs 12:3; Filippense 2:9-11; 1 Timoteus 6:12-13; en 1 Johannes 4:2-3,15.

4. In die vorige Bybelstudie in die gedeelte oor Uitverkiesing is hierdie stelling gemaak: "Elkeen kry dus uiteindelik wat hulle wil hê". Bespreek verse 11 tot 13 aan die hand daarvan. Dink ook wat dit sal beteken vir mense wat nie glo nie.

5. "As jy in die uitverkiesing glo, dan hoef jy mos nie evangelisasie werk te doen nie. Almal wat moet glo sal mos glo". Dit is 'n baie algemene kritiek teen die uitverkiesingsleer. Beoordeel dit aan die hand van verse 14 tot 15.

6. Het jy al dit beleef wat in vers 15b gesê word?

### SÓ KAN MENSE TOT GELOOF KOM

Die kern van Paulus se argument in verse 14 tot 15 word duidelik gesien wanneer die ses werkwoorde in teenoorgestelde volgorde geplaas word: Christus stuur boodskappers; boodskappers preek; mense hoor; hoorders glo; gelowiges roep; hulle wat roep word gered.

7. In Romeine 10 is dit baie duidelik dat dit gaan oor geloof wat red/vryspreek. Hoe help Efesiërs 2:1-10 ons om hierdie aspek van geloof te verstaan? Fokus veral op verse 8 tot 10.

8. Watter rol speel die prediking van die evangelie om mense tot geloof te bring? Vergelyk Efesiërs 6:19; 1Timoteus 4:13; en 1 Petrus 4:11.

9. Bespreek uit Romeine 10:16-21 Paulus se twee verklarings uit die Skrif (vers 18 en19) oor waarom Israel nie reageer het op die prediking van die evangelie nie?

## UITVERKIESING (DEEL 2)

LEES DEEL 1 OP BLADSY 47-48

Hier in Romeine 10, word een van die mees algemene besware teen die uitverkiesing baie duidelik weerlê. Die beswaar is dat die uitverkiesingsleer ’n mens onverskillig en lui maak om die evangelie te verkondig, aangesien almal wat moet glo mos in elk geval sal glo. As die besluit by God lê en nie by mense nie, hoekom is dit dan nodig om nog die evangelie te preek en te verkondig?

Heel eerste moet ons dalk sê dat hierdie beswaar die hele saak rondom die uitverkiesing heeltemal oorvereenvoudig. Ons het nou al duidelik gesien dat daar ’n baie fyn balans is tussen God wat kies en die mens se verantwoordelikheid, en dat hierdie spanning tussen die twee altyd daar moet en sal wees. God kies, maar mense moet reageer in geloof.

Verder word dit in Romeine 10 baie duidelik dat die pad wat God gebruik om sy uitverkorenes tot geloof te bring, die prediking, aanhoor en glo van die evangelie is. God kies nie net mense en dan word hulle een oggend as gelowiges wakker nie. Dit is ’n proses, ’n pad, ’n reis. Ons kan dus sê dat God nie net kies wie gered word nie, maar ook hoe hulle gered word. God het besluit dat Hy ander mense wil gebruik om sy kinders na Hom toe te bring. Dit is ’n wonderlike voorreg vir ons as gelowiges. God maak ons deel van sy werk!

## UITVERKIESING EN GELOOF

Die Bybel maak dit baie duidelik, in Romeine en op verskeie ander plekke, dat ’n mens slegs uit genade deur geloof gered word. Geloof is dus die belangrikste aspek van redding – sonder geloof kan daar nie redding (vryspraak of geregtigheid soos Paulus dit baie in Romeine noem) wees nie.

Die uitverkiesing is egter ’n stappie dieper, die antwoord op dié vrae: Waar kom geloof vandaan? Hoekom glo sommige mense en ander nie? Om die verband tussen die uitverkiesing en geloof te beskryf, kan ons dus sê, van die een kant gesien, geloof is die vrug van die uitverkiesing. Met ander woorde – almal wat uitverkies is, sal glo, dit moet so wees. Van die ander kant gesien kan ons sê, die uitverkiesing is die oorsprong van die geloof. Met ander woorde – almal wat waarlik glo, is uitverkies, dit moet so wees.

Tog moet ons altyd in gedagte hou dat die fokus in die Bybel baie meer op die geloof as op die uitverkiesing val. Daarom behoort ons ook baie meer te fokus om mense op te roep om te glo en nie te veel in debatte oor die uitverkiesing betrokke raak nie.

15 **LEES ROMEINE 11:1-32**

# ISRAEL SE TOEKOMS



Paulus het die drie hoofstukke vanaf Romeine 9 met die paradoks van Israel se situasie begin. Hulle is uiters bevoorreg en tog grootliks ongelowig. Dit kan nie toegeskryf word aan God se ontrouheid of onregverdigheid nie, maar wel aan sy doel met die uitverkiesing (Romeine 9:11), Israel se struikeling oor Christus (Romeine 9:32), en die hardkoppige verwerping van God se uitreik na hulle.


Paulus bespreek twee implikasies van Israel se ongehoorsaamheid:

1. **ROMEINE 11:1** Het God sy mense verwerp?
2. **ROMEINE 11:11** Het hulle so ver geval dat hulle nie meer gered kan word nie?

Paulus sluit die gedeelte af met 'n lofprysing oor God: dat sy weë ver verhewe is bo ons as mense se weë.

## SIEN RAAK

- Paulus is persoonlike betrokke by die saak van uitverkiesing, soos ons sien in Romeine 9:1-2, 10:1 en 11:1.
- Hierdie gedeelte raakk een van die grootste kontroversiële vrae in die geskiedenis van die Christelike kerk aan: Bly Israel God se uitverkore volk of nie?
- Hier word 'n verskeidenheid van beeldspraak gebruik: Die wilde olyf teenoor die mak olyf; oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie; die deeg wat aan God gewy is, ensovoorts.
- Soos ons kan verwag as daar spesifiek met Israel gepraat word, is daar 'n hele aantal verwysings na die Ou Testament.
- Hoewel Paulus hier op die Jode fokus, word daar ook vir iets vir die "heidennasies", dus vir my en jou, uitgewys.



### VIER BEWYSE DAT GOD ISRAEL NIE VERWERP HET NIE

1. **PERSOONLIKE BEWYS:** Paulus is self ’n Israeliet wat tot bekering gekom het.
2. **TEOLOGIESE BEWYS:** In vers 2a staan daar dat God hulle lank tevore verkies het.
3. **BYBELSE BEWYS:** In vers 2b word die argument van Elia gebruik, waar Israel se afvalligheid nie die hele nasie ingesluit het nie en ’n oorblyfsel was.
4. **KONTEMPORÊRE BEWYS:** Vers 5 stel dit mooi dat God net so ook vandag ’n oorblyfsel laat.

1. Lees verse 1a en 11a. Hoe benader Paulus die argument oor Israel se verhouding met God in die verlede en in die toekoms?


2. Dink julle dit is enigsins nodig om te wonder oor die vraag of die volk Israel nog God se uitverkore volk is of nie? Hoekom of hoekom nie?

3. Lees verse 7 tot 10. Wat is die wisselwerking tussen God en die mens by die verharding van die mens se hart?

4. Lees Handelinge 13:46, 14:1-7, 18:5-6, en 28:16-28. Hoe het Israel se struikeling tot die redding van al die nasies gelei?

5. Paulus stel in vers 12 dat ’n klein oorblyfseltjie tot groot seën gelei het. Hoe dink jý kan die Jode se volle getal tot seën wees?

6. Hoe het Paulus se bediening die Jode jaloers gemaak en hoe kan die Jode se jaloesie tot hulle redding lei? Lees vers 14.



7 Hoe dui vers 16 op wat Paulus verwag deur evangeliseringswerk gaan gebeur?

8 Wat is die waarskuwing vir die nie-Joodse gelowiges in verse 17 tot 22? En wat is die belofte vir Joodse ongelowiges in verse 23 tot 24?

### DIE BEELDSPRAAK VAN DIE OLYF

Die mak olyf is gewoonlik op die tak van die wilde olyf ingeplant. Tog is die teenoorgestelde ook in besondere omstandighede gedoen. Dit is gedoen om die olyfboom wat ophou vrug dra te laat herleef. Die sap van die mak olyf vernuwe die wilde olyf en die boom dra weer olywe.

9 Lees weer Romeine 11:1, en verse 11 en 25 tot 29. Bespreek hoe Israel beide geliefdes en vyande van God is.

**ISRAEL:** Die woord Israel word as wisselvorm gebruik. Dit verwys na die etniese volk van God aan die een kant (vers 25), maar ook na die kerk (vers 26), die gelowiges as volk van God. Dit sluit die heidene in.

10 Verse 30 tot 32 gee vir ons insig in ’n tema wat regdeur Romeine loop – dat ons deur genade gered word, en nie deur werke nie. Wat leer hierdie verse vir ons oor hoekom God besluit het dat verlossing op só manier kom?

11 Wat beteken “Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge” (vers 36)?

12 Romeine 11:33-36 is die afsluiting van die hele eerste twee dele van die boek, Romeine 1-3:20 en 3:21-11:36. Lees hierdie verse in die lig van alles wat tot dusver in Romeine gesê is, en bespreek wat dit vir jou beteken.

SONDE ⇨ VERLOSSING ⇨ Dankbaarheid

⇨ Romeine 12:1-16:27

⇨ Bybelstudies 16 tot 20



Gee julleself aan God
as LEWENDE EN HEILIGE OFFERS
wat vir Hom aanneemlik is.
**DIT IS DIE WESENLIKE VAN DIE GODSDIENS WAT JULLE MOET BEOEFEN.**

**ROMEINE 12:1**

16 LEES ROMEINE 12:1-21

# CHRISTENSKAP in aksie DEEL 1

In Romeine 12 beweeg Paulus van verklaring na aanmoediging: van die verklaring van die evangelie na die uitwerking van die evangelie. Hier gee hy die praktiese implikasies wat volg op alles waaroor hy in die voorafgaande 11 hoofstukke geskryf het.

Gelowiges kan nooit net mense wees wat net weet van die evangelie nie; hulle moet mense wees wat dit ook altyd uitleef. Geloof sonder werke is dood. Daarom word gelowiges aangemoedig om goeie werke te doen. Gelowiges kom nie vanself tot heiligheid nie. Deur die werking van die Gees en die Woord word gelowiges verander om ’n dankbaarheidslewe in gedagtes, woorde en dade te leef.

## SIEN RAAK

→ In Romeine 12 tot 14 haal Paulus direk en indirek verskeie kere vir Jesus aan.

| PAULUS | JESUS |
|---|---|
| → “Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie” (12:14). | → “seën die mense deur wie julle vervloek word” (Lukas 6:28). |
| → “Moenie kwaad met kwaad vergeld nie” (12:17). | → “Julle moet julle nie teen ’n kwaadwillige mens verset nie.” |
| → “leef in vrede met alle mense” (12:18). | → “Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe.” (Markus 9:50) |
| → As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; (12:20) | → “Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg” (Matteus 5:44). |

| | |
|---|---|
| → "Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is" (13:7). | → "Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal", "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort" (Markus 12:13,17). |
| → "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê" (13:8). | → "julle moet mekaar liefhê" (Johannes 13:34). |
| → "Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit" (13:8). | → "'Jy moet die Here jou God liefhê...Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat" (Matteus 22:37). |
| → "Al die gebooie... word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"(13:9). | → "Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen" (Matteus 7:12). |
| → "Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het" (13:11b-c). | → "...sodat wanneer hy onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie" (Markus 13:36).<br>"...staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby." (Lukas 21:28) |
| → "Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer" (14:10)? | → "Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie" (Matteus 7:1). |
| → "Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee"(14:12). | → "Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag" (Matteus 12:36). |
| → "Neem julle liewer voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie" (14:13). | → "Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak" (Matteus 18:7). |
| → "Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie" (14:14). | → "Daarmee het Hy alle kos rein verklaar" (Markus 7:19). |
| → "Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God" (14:17). | → "Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie." "Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God" (Matteus 6:25, 33). |

1. Gesien vanuit die agtergrond van hoofstukke 9 tot 11, wat is die betekenisvolheid van die feit dat Paulus die aanspreekvorm "broers" gebruik?

2. Lees Romeine 9:16, 23 en 11:30-32. Wat is die ontferming van God waarop Paulus sy beroep doen in Romeine 12:1?

3. Bespreek die volgende stelling: "Mense moenie hulle harte vir die Here gee nie, maar hulle liggame."

**LIGGAME:** Paulus is baie doelbewus met sy gebruik van die woord "liggame" in Romeine 12:1. Hoewel die 1983-vertaling net skryf "julleself", in plaas van die ander twee vertalings se "jul liggame". Paulus maak dit duidelik dat mense as gevolg van die sonde hul liggame vir allerlei kwaad gebruik (lees weer Romeine 3:12-19; 6:13,16 en 19). Verder het die Grieke die menslike liggaam as 'n groot verleentheid gesien. Dit is gesien as 'n tronk van die siel. Hulle het 'n spreekwoord gehad dat "die liggaam die graf van die siel is". Paulus gee dus die regte perspektief op die menslike liggaam.

4. Hoekom word gelowiges gewaarsku om nie aan die sondige wêreld gelyk te word nie? Lees Levitikus 18:3; 2 Konings 17:15; Esegiël 11:12 en Matteus 6:8a.

5. Hoe word gelowiges se gedagtes vernuwe? Vergelyk 1 Tessalonisense 2:13; 4:1; en 2 Tessalonisense 2:15; 3:5.

6. Lees vers 3 in die 1933-vertaling en let op hoe baie die woord "dink" gebruik word. Wat is die effek van geloof in hoe jy oor jouself moet dink? Dink in besonder aan die effek van die kennis van jou verlossing deur Christus aan die kruis.

**DIE GAWE VAN PROFESIE:** Dit beteken om te praat onder die leiding van die Heilige Gees. In sommige tekste verwys dit na die profete van die Ou Testament, in ander tekste ook na die werk van apostels in die Nuwe Testament (Efesiërs 3:5). Daar was nog ander profete wat woorde gespreek het wat geweeg en getoets moes word (1 Korintiërs 14:29; 1 Tessalonisense 5:19; 1 Johannes 4:1). In Romeine 12:6 word daar 'n beperking op profesie geplaas: dit moet ooreenstem met die geloof wat ons bely. Dit moet met ander woorde altyd in lyn wees met die waarheid van die Woord van God. Vergelyk Deuteronomium 13:1-4 en 18:17-22.

**GEESTELIKE GAWES:** In Romeine 12 word daar sewe gawes genoem. Dit is nie die volledige somtotaal van gawes wat in die kerk is nie. Dit dui net die volheid van die gawes aan. In Romeine 12:6 word daar duidelik gestel dat dit God is wat die gawes gee. Daar is nog twee plekke in die Skrif waar gawes gelys word. In Efesiërs 4:7 stel dit dat Christus die gawes gee en in 1 Korintiërs 12:4 dat dit die Heilige Gees is wat die gawes aan die kerk gee.

7 Waarvoor word gawes aan elkeen gegee? Hoe kan en moet ek my gawes aanwend? Lees Efesiërs 4:12 en 1 Korintiërs 14:12.

## LIEFDE IN DIE BYBEL, EN VERAL ROMEINE

In die oorspronklike Grieks is daar drie woorde wat vir liefde in die Bybel gebruik word.

→ **FILOS** – is gerig op familie en vriende. Hierdie liefde beteken "ek hou van jou, ek kuier graag by jou, ek doen graag dinge saam met jou soos braai, fliek, vakansie hou."

→ **EROS** – het te doen met uiterlike aantrekkingskrag. Hierdie liefde sê "jy is vir my mooi, ek wil aan jou raak." Dit is die liefde wat tot romanse, trou en 'n fisiese verhouding lei.

→ **AGAPÉ** – het te doen met selfopoffering. Hierdie liefde sê "daar is so 'n sterk geestelike band tussen my en jou, dat ek enigiets vir jou sal doen wat die Here van my vra, al kos dit my ook baie opoffering.

Tot op hierdie punt in Romeine verwys Paulus nog elke keer na agapé-liefde in verwysing tot God se werk (Romeine 5:5, 5:8, 8:35 en 8:39). In Romeine 13:9 gebruik Paulus ook hierdie derde woord, agapé – dit is die liefde wat God van ons vra. Dis 'n liefde wat selfopofferend is, en toewyding vra. Dis dieselfde betekenis van die woord liefde waar Paulus in die bekende 1 Korintiërs 13:13 skryf: "nou bly geloof, hoop, liefde. Maar die grootste hiervan is die liefde."

8 In Romeine 12:9-16 fokus Paulus op agapé-liefde as die kern van dissipelskap. Hy lys 12 komponente van liefde. Bespreek elkeen en hoe dit toegepas word.

9 Lees verse 14, 17, 19 en 21. Hoe word die opdrag elke keer in die negatief en positief gestel? Hoe kan ek dit elke dag prakties uitleef?

10 Lees vers 19 en ook Deuteronomium 32:35. Is dit verkeerd om te straf? Hoekom mag ons dit nie doen nie?

17 LEES ROMEINE 13

# CHRISTENSKAP in aksie DEEL 2

In Romeine 12 gee Paulus die praktiese implikasies wat moet volg uit dankbaarheid op God se liefde vir ons. Gelowiges se denke moet vernuwe: hulle moet uit God se Woord verstaan wat God se wil is, en dan onder leiding van die Heilige Gees dit uitleef. Dit gebeur deur ons verhouding met God (12:1-2), onsself (12:3), ons bediening aan medegelowiges (12:4-8), ons liefde vir mekaar (12:9-16) en ook ons liefde vir ons vyande (12:17-21).

In Romeine 13 praat Paulus oor ons verhouding met die staat en hoe ons as gehoorsame burgers moet leef (verse 1-7), ons verhouding met die wet en dat ons ons naaste moet liefhê as vervulling van die wet (verse 8-10) en dan ook laastens die "reeds" en die "nog nie" (verse 11-14) waar Paulus beskryf wat die spanning is wat ons beleef omdat ons reeds verlos is, maar nog nie volkome uit die wêreld is nie.

## SIEN RAAK

- Terwyl Paulus Romeine 13 geskryf het, was daar geen Christelike regerings op enige vlak nie. Dit was net die Romeinse regering wat groot dele van die wêreld regeer het. Verder was daar die Joodse regering wat onder die Romeinse regering gefunksioneer het.
- Die gedeelte oor die gelowige se verhouding met die staat staan tussen twee opdragte: Om jou vyand lief te hê (Romeine 12:20) en om jou naaste lief te hê soos jouself (Romeine 13:9).
- Paulus noem drie keer dat gesag van God kom, drie keer dat die staat die dienaar van God is, en drie keer dat jy jou naaste moet liefhê. Hy noem ook op drie maniere dat die nag verby is en die dag aangebreek het. Herhaling is 'n vorm van beklemtoning: Dit beteken dat iets regtig belangrik is.
- Die aansporing tot gehoorsaamheid kom uit die nabyheid van die wederkoms van die Here. Sonder Christus was ons in die duisternis, maar nou is ons verlos en leef in die dagbreek, die skemer voor die wederkoms wat die volle daglig sal wees.

## VERSKILLENDE STANDPUNTE OOR DIE KERK EN DIE STAAT

Daar is verskeie standpunte oor die verhouding tussen die kerk en die staat. Hier is vier van die standpunte wat ons die meeste hoor:

- → Die staat moet die kerk beheer.
- → Die kerk moet die staat beheer.
- → Die staat moet die kerk bo ander instellings bevoordeel.
- → Die kerk en die staat moet elkeen selfstandig funksioneer.

1. Lees die verskillende standpunte hier bo oor die verhouding tussen die staat en die kerk. Wat dink jý is die regte verhouding?

2. Watter drie redes gee Paulus hoekom elke mens hom aan die magte van die owerheid moet onderwerp? Lees verse 1b, 1c en 2a.

3. Lees Johannes 19:11. Wat leer Jesus se antwoord aan Pilatus ons oor gesag?

4. Lees vers 5. Wat beteken dit dat onderwerping aan die staat 'n gewetensaak is?

5. Wat moet gelowiges doen wanneer die staat iets vra wat teen God se wil is? Lees Handelinge 5:29, Eksodus 1:17 en Daniël 3.

## DIE CHRISTEN EN DIE REGERING

As Christene moet ons onsself aan die owerhede onderwerp – selfs al is hulle heidens of oneerlik – want God het bepaal dat daar regerings moet wees. Romeine 13 en ander Bybeltekste leer dat gesag van God kom, en dat elke owerheid in sy posisie is omdat God dit so beskik het.

Gelowiges moet respek hê vir gesagsdraers, belasting betaal, die wette gehoorsaam, en nie oproer aanhits nie. Net as hulle wette lynreg teen God se wil is, mag ons weier om dit te doen. Ons moet ook vir ons leiers bid, sodat hulle wys sal regeer en tot geloof sal kom.

God gee ook riglyne aan die regering: hulle moet reg van verkeerd volgens sy wil onderskei, net uiterlike gedrag oordeel, nie hul eie belange dien nie, en altyd onthou dat hulle God se dienaars is. Jesus Christus is die hoogste Koning, en alle owerhede is aan Hom onderworpe.

Ten slotte: Gelowiges moet goeie landsburgers wees, maar nooit ophou om te bid vir regverdige regering, en om die Bybelse waarheid te bely en te verkondig nie.



6 Wat leer ons uit die feit dat Paulus drie keer die staat die "dienaar van God" noem en watter funksies moet die staat verrig volgens verse 4a, 4c en 6?

7 Pas Romeine 12:9 en Romeine 13:4 by mekaar? Verduidelik jou antwoord.

8 Lees vers 8. Wat beteken dit dat ons liefde aan mekaar verskuldig is?

9 Wat beteken dit dat liefde die volle uitvoering van die wet is? Vergelyk Matteus 22:37-40.

### GOD STEL LIEFDE VIR MEKAAR AS 'N VERPLIGTING

God vra vir ons selfopofferende liefde. Eintlik vra Hy dit nie, Hy stel dit as 'n verpligting wat ons aan mekaar het. Paulus bedoel met "mekaar" in die eerste plek die gelowige lidmate in Rome. Maar verder, verwys hy na die gelowige lidmate in elke plaaslike kerk. Die brief aan die Romeine is vir elke gemeente, vir elke gelowige bedoel.

Die liefde is so belangrik vir God dat sy hele wet daaroor gaan. Jesus self het ons geleer (Matteus 22:37-40). Wees lief vir God en vir Christus deur sy gebooie te gehoorsaam. Sy gebod, die groot gebod, is liefde vir Hom en liefde vir jou medemens. In Romeine 13:8 gaan dit oor liefde vir jou medemens. In die eerste plek vir jou medegelowiges wat saam met jou in die gemeente is.

Nie een van ons kan vanself mekaar met hierdie selfopofferende liefde liefhê nie. Dié liefde kom van die Heilige Gees af.

10 Lees Romeine 13:12-14. Wat beteken dit prakties dat gelowiges die wapens van die lig moet opneem?

## 18 LEES ROMEINE 14:1-15:13

# CHRISTENSKAP in aksie DEEL 3

Beide die vorige hoofstukke het op die liefde klem gelê. Daardie liefde was teenoor jou naaste en jou vyande. In hierdie gedeelte raak Paulus baie meer prakties in die sin dat daardie liefde uitgeleef moet word tussen hulle wat 'sterker' in die geloof is teenoor hulle wat 'swakker' in die geloof is.

Die swakheid waarna Paulus verwys, gaan nie oor hul karakter nie, maar oor hul geloof. Nog meer spesifiek gaan die swakheid nie daaroor dat hul geloof meegee tydens versoeking nie, of dat hulle nie kan besluite neem nie, of nie selfbeheersing het nie. Die 'swakkeres' in geloof verwys na hulle wat sekere oorgelewerde kulturele en seremoniële gebruike in hul godsdiens beoefen. Dit was heel moontlik Christene wat uit die Joodse geloof bekeer het en steeds toegewyd aan sekere diëte en dae geleef het.

### SIEN RAAK

- Die onderhouding van sekere diëte en sabbatsdae was duidelike tekens wat die Jode en die heidene van mekaar geskei het.
- Nie-beginselsake moenie verhef word as beginselsake nie.
- Die lyn van Paulus se argument:
  - Hy stel eers die positiewe beginsel van aanvaarding (vers 1)
  - Daarna stel hy drie negatiewe afleidings wat hieruit afgelei word:
    1. Hulle moet nie op die swakkeres neersien nie (verse 2-13a).
    2. Hulle moet nie die swakkeres aanstoot gee of vernietig nie (verse 13b-23).
    3. Hulle moet nie hulself eerste stel nie, maar wees soos Christus (15:1-4)
  - Hy vier die eenheid tussen Jode en heidene in die aanbidding van God (15:5-13)

1. Lees Romeine 14:1. Hoe lyk dit wanneer iemand deur ander aanvaar word? Vergelyk Romeine 14:3 en 15:7.

2. Hoe kan gesonde ruimte geskep word om oor sake te praat waar ons van mekaar verskil?

3. Lees verse 5 tot 8. Word God deur diversiteit verheerlik?

4. Met watter wete lewe gelowiges volgens vers 12?

5. Gaan weer deur verse 3 tot 10. Watter vier waarhede gebruik Paulus as redes hoekom die 'swakkeres' aanvaar moet word?

6. Lees Romeine 14:13. Is daar oordeel wat goed is? Vergelyk Matteus 7:1, 15-20.

### KULTURELE, SEREMONIËLE EN MORELE GEBRUIKE EN WETTE

- → Kulturele gebruike is gebruike wat gebind is aan 'n bepaalde kultuur, tyd en plek. Hierdie gebruike wissel en verander soos wat kulture verander en is nie beginsels wat vir alle tye geld nie. Kleredrag is seker die maklikste voorbeeld hiervan.
- → Seremoniële wette is die wette wat die volk van die Here in die Ou Testamentiese tyd moes nakom. Dit het by die seremonies, rituele en feesdae gegeld. Dit sluit dinge soos offers en reinigingswette in. Hierdie wette is egter deur Jesus vervul en daarom is dit nie meer nodig om dit vandag nog te onderhou nie.
- → Morele wette is die voorskrifte wat die Here in sy Woord gee, wat vir alle tye geldig is. Jesus het nie die morele wette kom wegneem of vervang nie. Dit is hoofsaaklik die wette wat in die 10 gebooie vervat is, maar ook ander beginsels wat geld vir alle kulture oor alle tye, op alle plekke.

Hierdie gedeelte in Romeine help ons om te verstaan dat dit baie belangrik is dat ons die regte onderskeid tussen hierdie gebruike en wette maak.

7 Lees verse 13-14. Hoe moet die 'sterker' gelowige optree wanneer daar twee gewetes in konflik is?

8 Lees vers 15.

a Hoe word van ons verwag om in liefde mekaar in ag te neem?

b Hoe kan jou optrede iemand se dissipelskap beïnvloed?

9 Lees vers 17. Hoe beleef jy jou burgerskap in God se koninkryk?

10 Romeine 14:19 stel dat ons "ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder." Hoe kan jy dit in jou gemeente doen?

11 Hoe word iemand se geloofsoortuiging gevorm? Is daar 'n regte en verkeerde oortuiging? Vergelyk Romeine 4:23.

12 Watter drie dinge sê Paulus in Romeine15:1-2 moet sterk gelowiges doen sodat eensgesindheid onder gelowiges bevorder kan word?

13 Lees 15:4. Wat leer hierdie vers ons oor die doel van die Ou Testament vir vandag?

14 Wat is die groter doel van eensgesindheid? Vergelyk Romeine 15:6-12.

15 Lees Romeine 15:13. Hoe lei 'eensgesindheid' tot vreugde en vrede? Bid jy ooit daarvoor?

## VEROORDEEL SONDE, NIE MENSE NIE

**ROMEINE 14:1-4**

Net soos wat ons nie deur ander mense veroordeel wil word nie, moet en mag ons nie ander veroordeel omdat ons anders as hulle dink en doen nie. God het ons almal gemaak, daarom mag ons hulle nie veroordeel nie. Ons moet hulle wel op die regte pad help indien hulle teen God sondig.

19 LEES ROMEINE 15:14-33

# Afsluiting VAN PAULUS SE BRIEF

DEEL 1

Paulus het 'n wonderlike verklaring van die evangelie in Romeine 1 tot 11 gegee en vermanings in Romeine 12 tot 15. Tog is die brief nog nie klaar nie. Paulus sluit die brief af met die vraag oor sy verhouding met die kerk in Rome (1:8-13). Hy gee duideliker redes oor hoekom hy hulle nog nie ontmoet het nie, en deel sy planne om so spoedig as moontlik dit te doen.

## SIEN RAAK

- Paulus is baie besorg of hulle aanstoot deur sy brief geneem het.
- Paulus beskryf sy sendingwerk as 'n priesterlike bediening: diens; priesterlike taak; offergawe; aanneemlik; geheilig.
- Die doel van evangelisasie (of ook tug) is om aanbidding te bring, waar dit nie gebeur nie. Dit is wanneer ons God aanbid, dat ons uitgaan om sy Naam te verkondig. Wanneer mense bekeer, aanbid en getuig hulle saam met ons. Aanbidding lei dus tot getuienis en getuienis tot aanbidding.
- Die laaste hoofstukke is baie persoonlik en Paulus deel openlik sy verlede, hede en die toekoms van sy bediening.
- Daar is 'n herinnering aan die Romeine om hul plig na te kom om vir Paulus te bid.

1. Hoekom is dit volgens vers 14 belangrik om omvattende kennis van die evangelie te besit?

2. Hoekom word bekeerlinge as offers beskryf wat deur God vir sendeling gebring word?

3. Gesien in die lig van die heiligheid van die tabernakel en tempel, wat is die merkwaardigheid daarvan dat heidene as offers gebring word?

4. Lees verse 17-18a. Wat is die werking tussen Christus en gelowiges?

5. Lees verse 18b-19 en noem die vyf eienskappe van Paulus se bediening.

### KRAGTIGE DADE, TEKENS EN WONDERS

Paulus se enigste ander plek waar hy hierdie woorde gebruik is in 2 Korintiërs 12:12. Daar word dit die merktekens van ware apostels genoem. Die apostels het dus wonderlike kragtige dade verrig. Die apostels het die tekens gedoen as bevestiging van die waarheid. Dit beteken nie dat God dit nie meer vandag kan doen nie. Dit sal beteken dat ons God in sy almag inperk, maar dit is nie meer nodig nie, in dié sin dat die Woord van God reeds ontvang en gevestig is. Dit is dus nie meer nodig nie, want ons het die Woord.

6. Lees verse 19b-22. Dit is die samevatting van tien jaar en drie sendingreise van Paulus. Wat leer ons van spesifieke roepings (ook van Paulus s'n) in die verse? Vergelyk 1 Korintiërs 3:6,10-11.

7. "Hulp" (vers 24b) het die Christelike woord geword wat gebruik is om te verwys na goedere, geld of geselskap wat vir sendelinge gegee is om hulle te help met hul sendingreise. Hoe help jy of jou gemeente sendelinge in dié verband? Vergelyk vers 32.

8 Hoe moet gelowiges en gemeentes mekaar finansieel versorg? Vergelyk verse 26 tot 27.

9 Watter rede gee Paulus in vers 27 as die rede hoekom gelowiges 'n verpligting teenoor mekaar het?

### ARMOEDE IN JERUSALEM

Dit is seker dat die gelowiges in Jerusalem behoeftig was. Hoewel daar nie 'n spesifieke rede gegee word nie, is daar verskeie voorstelle gegee: Agabus het 'n droogte voorspel en dit kan die gevolge daarvan wees (Handelinge 11:27 en verder); die gelowiges het alles wat hulle gehad het verkoop en vir die kerk gegee en het nie meer genoeg welvaart gehad om van te leef nie (Handelinge 2:44, 4:32), of die vervolging van gelowiges het tot gevolg gehad dat baie van hulle nie meer werk en inkomste gehad het nie (Handelinge 8).

10 Lees Romeine 1:16 en 15:30. Wat is die verantwoordelikheid wat gelowiges teenoor mekaar het?

11 Wat leer ons van gebed wanneer dit in verband met die woord "stry"(vers 30), iets wat baie energie verg, gebring word?

12 Lees Romeine 1:10, 15:22-24 en Handelinge 23:11. Hoe is Paulus se beplanning en gebed vervul?

### HOEKOM BID ONS VIR GOD SE WIL?

In Romeine 15:32 sê Paulus: "En as dit die wil van God is ..." Die doel van gebed is nie dat ons Gód se wil buig volgens óns wil nie, maar baie duidelik dat óns wil gebuig word volgens Gód se wil. God se geopenbaarde wil vind ons in die Bybel. Dit is hoe Hy wil dat alle gelowiges moet leef, maar God het ook 'n spesifieke (toelaatbare) wil vir elkeen. Dit is dinge wat Hy toelaat om in jou lewe te gebeur, en wat nie in die Bybel staan nie. Daarvoor bid ons "as die Here wil" of "as dit die wil van God is".

## 20 LEES ROMEINE 16



# Afsluiting VAN PAULUS SE BRIEF

### DEEL 2

In die laaste hoofstuk van Romeine dra Paulus groete van verskeie gelowiges en aan verskeie gelowiges oor. In dié hoofstuk hoor ons dat daar persoonlike liefdevolle verhoudings in die kerk moet bestaan.

Paulus se liefde vir die gemeente gaan nie net oor die onderlinge verhoudings nie, maar word ook gewys in sy waarskuwing aan die gemeente teen die dwaalleraars en mense wat verdeeldheid skep.

Hoewel daar reeds lofprysing aan die einde van Romeine 11 was, kan Paulus nie anders as om die brief met lofprysing aan God af te sluit nie.

### SIEN RAAK

- Die groete wat aan mense oorgedra word is nie net van dieselfde groep nie, maar bestaan uit mense wat van verskeie groepe (geslag, ras en moontlik rang) afkomstig is.
- Die groete wat oorgedra word aan verskeie gelowiges en deur verskeie gelowiges wys die eenheid van die kerk uit.
- Die lofprysing wat Paulus bring bestaan uit vier dele:
    1. Die krag van God
    2. Die evangelie van Christus
    3. Evangelisasie van die nasies
    4. Lof vir God se wysheid

1. Lees vers 1. Wat leer ons van verhoudings tussen gelowiges uit die feit dat Paulus vir Febe "suster" noem?

2. Febe was bekend as 'n "dienaar" van die gemeente in Kenchreë.
   a. Ken jy lidmate in jou gemeente van wie dit gesê kan word?
   b. Mag dit jou ingesteldheid wees om ook so bekend te staan?

3. Gaan deur die lys name in verse 1 tot 15 en noem wat verskeie mense vir Paulus se bediening en vir die koninkryk gedoen het.
   a. Wat leer jy hieruit oor waarom gelowiges verlos is?
   b. Word die werk van gelowiges ooit vergeet? Vergelyk Openbaring 19:8.

4. As jy deur die lys name in verse 1-15 gaan, tel hoeveel keer die woorde "in die Here" en "in Christus" gebruik word. Wat leer ons hieruit?

5. Wat leer ons uit die feit dat die gemeente in Rome uit beide Jode en Romeine bestaan het?

6. Lees Romeine 16:16. Beide Paulus en Petrus praat oor die "soen van Christelike broederskap." Vergelyk 1 Korintiërs 16:20; 2 Korintiërs 13:12; 1 Tessalonisense 5:26; en 1 Petrus 5:14.
   a. Wat is die beginsel agter "die soen"?
   b. Hoe kan ons as gelowiges ons liefde en eenheid in Christus fisies wys?

7. Is daar gelowiges wat jy ken ,of voorheen geken het, wat vir jou uitgestaan het? Hoekom sê jy so?

8. Lees vers 17. Paulus waarsku teen mense wat verdeeldheid bring.
   a. Is alle verdeeldheid verkeerd of sleg? Vergelyk Matteus 10:34-39 en 1 Korintiërs 1:23-25.
   b. Hoe kan ek weet of dit reg of sleg is? Lees vers 18.

### HOE ONDERSKEI EK REG EN VERKEERD?

Dit is nie altyd maklik om iets te toets, of te onderskei tussen reg en verkeerd nie. Daar is wel vrae wat handig is om hierin te help: Is dit in lyn met wat die Woord leer? Verheerlik dit Christus of is daar selfverheerliking teenwoordig?

9. Lees vers 20. Wat is die verband tussen God wat vrede gee en die satan wat verpletter word?

**PAULUS SE EVANGELIE:** In die 1983-vertaling sê Paulus "volgens die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig," (Romeine 16:25). In die 1933-vertaling noem hy dit sý evangelie: "... my evangelie en die prediking van Jesus Christus". Paulus sê hiermee dat God deur die evangelie sy kerk byeen roep en dat hy daarvoor afgesonder is om die evangelie te verkondig (Romeine 1:1). Die evangelie is aan hom toevertrou om uit te dra.

**OPENBARING VAN DIE GEHEIMENIS** (Romeine 16:25)**:** Die waarheid was vir eeue 'n geheimenis, maar God se waarheid is nou bekend: Jesus Christus het gesterf, opgestaan en opgevaar en regeer oor sy kerk. Sy kerk bestaan uit Jode en nie-Jode. In plaas van die woord "geheimenis" (1983-vertaling), gebruik die 1933-vertaling die woord "verborgenheid", en in die 2020-vertaling die woord "misterie".

10 Hoe gebruik God die Bybel om gelowiges vas te laat staan in die geloof? Vergelyk Romeine 16:25.

## UITDRA VAN DIE EVANGELIE

Paulus skryf in die laaste verse van Romeine 16 van die waarheid wat eers verborge was en later deur God geopenbaar is. Hierdie waarheid moet "in opdrag van die Ewige God" in die hele wêreld bekend gemaak word . God het reeds in die Ou Testament sy wil bekend gemaak dat daar verlossing vir alle nasies is. Dit is 'n opdrag van God dat die evangelie uitgedra moet word. Daar is geen beperkinge nie – dit moet aan alle groepe mense bekend gemaak word. Die verdere oproep is dat mense "in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees" (Romeine 16:26).

"... aan Hom, die enigste en alwyse God, kom toe die heerlikheid deur Jesus Christus, vir ewig! Amen."

**ROMEINE 16:27**

UIT HOM
EN DEUR HOM
EN TOT HOM
IS ALLE DINGE.
AAN HOM BEHOORT DIE HEERLIKHEID
TOT IN EWIGHEID!
AMEN.

**ROMEINE 11:36**

In hierdie 20 Bybelstudies bestudeer jy al 16 hoofstukke van die boek Romeine. Romeine bestaan uit drie afdelings: sonde, verlossing, en dankbaarheid. Volgens hierdie afdelings word die evangelie van Jesus Christus deeglik uiteengesit, net soos Paulus daaroor geskryf het.